

BASISKURSUS IN BEDIENINGSPRAKTYK

Die veronderstelde bedoeling van hierdie toerusting en begeleidingspakket is dat dit as *basis* vir die bedieningspraktyk moet dien. Dit beteken dat dit inleidend en grondliggend van aard sal wees. Die hersiene toerustingskursusse vir ouderlinge en diakens sal hierby kan aansluit, terwyl toegespitste kursusse t.o.v. bepaalde bedieningsbehoefte en die bemagtiging van lidmate, waarskynlik hieruit kan voortvloei. Hierdie basiskursus wil (*missie*) gemeenteleiers (ampsdraers en ander lidmate wat leiding neem) begelei

- tot 'n herontdekking van die gemeente se identiteit (roeping) in Christus (*missio Dei*) binne die konteks van 'n samelewing in transformasie;
- 'n nuwe verstaan van die uitlewing van hierdie roeping deur die geloofshandeling van die gemeente in diens van die evangelie;
- 'n duidelike visie vir die gemeente en vir leierskap in die gemeente
- begrip vir en benutting van die dinamika van die gemeente in terme van
 - die grootte en samestelling van die gemeente
 - diversiteit van denke en die eise wat dit aan leierskap stel
 - diversiteit van spiritualiteit in die gemeente
 - bestuurprosesse en kernwaardes vir bestuur en bediening

om hulle in staat stel om 'n doelgerigte bedieningsplan en ontwikkelingstrategie vir die gemeente daar te stel en te bestuur

Die *visie* is dan dat gemeentelike leiers hierdeur in staat sal wees om die gemeente, ooreenkomstig God se doel (d.i. die *Missio Dei*) vir die gemeente in die wêreld, te begelei om dinamies en effektief kerk te wees.

Die kerkraad van die gemeente het die verantwoordelikheid om te sorg dat die gemeentelike bedieningspraktyk effektief en ordelik sal geskied. Dit vra doelgerigte, deeglike beplanning en implementering. Die wenslikheid van 'n bedieningsplan vir die gemeente word bevestig deur 'n besluit van die Algemene Kerkvergadering in hierdie verband en die kerkordelike reëling daarvan. Die aard van hierdie toerustingspakket is dan ook eerder begeleidend as wat dit 'n kursus is in die tradisionele sin van die woord. Dit wil gemeentelike leierskap in staat stel om 'n bedieningsplan en ontwikkelingstrategie vir die gemeente daar te stel. Die bedoeling van so 'n bedieningsplan is om die visie van 'n gemeente, wat gevorm is ooreenkomstig die Bybelse opdrag van die kerk en die eie konteks van die gemeente, in realistiese en haalbare doelstellings en doelwitte te verwoord, asook om te besluit op die nodige aksiestappe en strategieë om dit te bereik.

Dit gaan dus in die bedieningspraktyk van die gemeente om *mense in diens van God* in die gemeente en deur die gemeente in die wêreld. Die uitgangspunt is dat God deur die Heilige Gees aan die gemeente die gawes gee wat in 'n besondere situasie nodig is vir die opbou van die gemeente. Toerusting van ampsdraers en lidmate met die oog op die bedieningspraktyk van die gemeente gaan dus nie maar net om die aanvul van kennis of die aanleer van vaardighede nie, maar om geestelike verdieping en diensbaarheid. Dit gaan ten diepste om *spiritualiteit*: Om die gemeente te bemagtig en te begelei tot 'n lewe voor God en diens van God, bly steeds die doelwit van gemeentepbou en toerusting van ampsdraers en lidmate.

Die voorwaarde vir die gebruik van hierdie kursus in gemeentes is dat predikante die kursus (deur die HTK aangebied) sal deurloop en dat dit opgevolg word met 'n werkwinkel vir hierdie predikante en 'n verteenwoordigende groep van die leierskorps van die betrokke gemeente.

MODULE 1

‘N BEDIENINGSPLAN VIR DIE GEMEENTE

DOELSTELLING:

Om kennis te neem van die waarde en inhoud van ’n bedieningsplan vir die gemeente

LEERGELEENTHEID:

Kursusgangers neem kennis van die inhoud en bespreek die volgende vrae:

1. Word die koers en kwaliteit van ons gemeentelike lewe en bediening bepaal deur ’n duidelike gedeelde visie en Bybelse missie?
2. In watter mate beantwoord die gemeentelike beplanning en bediening aan die basiese vereistes van ’n bedieningsplan?

KERNINHOUD:

- 1 Die waarde van ’n bedieningsplan vir die gemeente
- 2 Die inhoud van ’n bedieningsplan vir die gemeente

MODULE 2.1

DIE GEMEENTE IN DIE WÊRELD: DIE KERK AS GEBURE VANWEEÛ DIE WOORD EN GEES DEUR DIE HANDELINGE VAN GELOWIGES

DOELSTELLING:

Om te verstaan dat die kerk waarlik kerk is deur die heilshandeling van God (deur sy Woord en Gees) en die geloofshandeling van die gemeente in diens van God.

LEERGELEENTHEID:

- 1 Kursusgangers neem kennis van die inhoud deur vooraf selfstudie en/of voordrag aan die groep en
- 2 bespreek dan die implikasies van die volgende stelling vir die gemeentelike bediening: “Die kerk moet steeds word wat dit in Christus reeds is”;
- 3 Besin oor die verrykende gevolge wat dit inhou om in gemeente-ontwikkeling te fokus op die uitbouing van die geloofshandeling as basiese funksies van die gemeente en nie maar net op herstrukturering of herorganiserings van die verskillende bedienings nie.

KERNINHOUD:

- 1 Die heilshandeling van god
- 2 Die geloofshandeling van die gemeente

MODULE 2.2

DIE GEMEENTE IN DIE WÊRELD: DIE WÊRELD WAARBINNE DIE GEMEENTE LEEF

DOELSTELLING:

Om ampsdraers en lidmate opnuut bewus te maak van die eise en geleenthede wat 'n tyd van verandering aan die kerk bied.

LEERGELEENTHEID:

- 1 Kursusgangers neem kennis van die inhoud deur vooraf selfstudie en / of voordrag aan die groep
- 2 Die volgende vrae kan vir groepbespreking gebruik word:
 - Hoe het die samelewing waarbinne ons as gemeente leef en werk die afgelope tien tot vyftien jaar verander?
 - Wat is die impak daarvan op ons gemeentelike bediening, m.a.w. watter probleme ondervind ons om effektief kerk te wees?
 - Identifiseer die geleenthede wat daar vir die gemeente in ons tyd en omgewing is.

KERNINHOUD:

Die eise en geleenthede vir die kerk in 'n samelewing in transformasie

MODULE 2.3

DIE GEMEENTE IN DIE WÊRELD: VISIONERING

DOELSTELLING:

Om te verstaan waarom visionering belangrik is vir die daarstelling van 'n effektiewe bedieningstrategie vir die gemeente, en om in staat te wees om aan die hand van die basiese riglyne vir die visioneringsproses 'n visie vir die gemeente te ontwikkel

LEERGELEENTHEID:

- 1.1 Deelnemers besin aan die hand van die kerninhoud of die visie van die betrokke gemeente werklik die stukrag is in die lewe van die gemeente wat dit behoort te wees en identifiseer die redes waarom dit so is of nie so is nie, of
- 1.2 besin oor die moontlikheid dat indien die gemeente nie 'n duidelike visie het nie, dit waarskynlik meewerk aan die onsekerheid oor die toekoms en dalk oneffektiewe bediening.
- 1.3 Die proses van visionering vra kundigheid in hierdie verband. Gemeentelike leierskap evalueer hulle eie vermoë om aan hierdie saak reg te laat geskied.

KERNINHOUD:

- 1 Die betekenis van 'n duidelike visie vir die gemeente
- 2 Boustene in die proses van visionering
- 3 Kommunikering van die visie

MODULE 3.1

DINAMIKA VAN DIE GEMEENTE: DINAMIKA VAN GROOTTE

DOELSTELLING:

Om kennis te neem van die implikasies van die dinamika van grootte van 'n gemeente vir die bestuur en bediening van 'n gemeente en dit te verdiskonteer in die bedieningsplan van die gemeente

LEERGELEENTHEID:

Deelnemers neem kennis van die inligting en

- bepaal onder watter kategorie die betrokke gemeente inpas,
- asook die implikasie daarvan vir die gemeentelike bediening vorentoe

KERNINHOUD:

- 1 Die familie-tipe gemeente
- 2 Die pastorale-tipe gemeente
- 3 Die liggaamstipe-gemeente (sg program-gedrewe gemeente)
- 4 Die korporatiewe gemeente
- 5 Die tussen-in-gemeente

MODULE 3.2

DINAMIKA VAN DIE GEMEENTE: DIVERSITEIT VAN DENKE EN SISTEEMSENSITIEWE LEIERSKAP

DOELSTELLING:

Om die diversiteit van denksisteme in die gemeente te kan onderskei en die impak daarvan in die bedieningsplan te verdiskonteer.

LEERGELEENTHEID:

Sien opdrag na inhoudstuk.

KERNINHOUD:

- 1 Sisteemdenke as 'n gegewene
- 2 Diversiteit van denksisteme
- 3 Sisteemsensitiewe leierskap

MODULE 3.3

DINAMIKA VAN DIE GEMEENTE: SPIRITUALITEITSTIPES

DOELSTELLING:

Om begrip te toon vir die diversiteit van spiritualiteit in die gemeente en dit te begelei binne die klimaat van 'n Hervormde etos of spiritualiteit

LEERGELEENTHEID:

(Die fasilitering van hierdie leergeleenthede is nog nie goed genoeg bedink nie)

KERNINHOUD:

- 1 Spiritualiteit – God se teenwoordigheid en die praktyk van ‘n lewe voor die aangesig van God
- 2 Ons leef saam met ander gelowiges voor God – begrip en benutting van diversiteit
- 3 Spiritualiteitsontwikkling in die gemeente

MODULE 3.4
DIE DINAMIKA VAN DIE GEMEENTE:
GEMEENTEBESTUUR EN KERNWAARDES

DOELSTELLING:

Om gemeentelike bestuur as ‘n prakties-teologiese proses te verstaan en te besin oor die daarstelling van kernwaardes vir bestuur en bediening

LEERGELEENTHEID:

- 1 Deelnemers evalueer die gemeentelike bestuursprosesse en strukture
- 2 Besin oor die evaluering en/of die daarstelling van kernwaardes vir bestuur en bediening

KERNINHOUD

- 1 Gemeentebestuur as proses
- 2 Kernwaardes vir bestuur en bediening

MODULE 4
RIGLYNE VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

DOELSTELLING:

Om aan die hand van praktiese riglyne vir die uitbouing van die bediening van die gemeente, ‘n bedieningsplan en strategie vir die gemeente saam te stel

LEERGELEENTHEID:

Praktiese werksessie

KERNINHOUD

Die toepaslike inhoud en riglyne word tydens so ‘n werksessie gegenereer en gekonkretiseer. Praktiese riglyne vir die sessie word voorsien

MODULE 1

‘N BEDIENINGSPLAN VIR DIE GEMEENTE

DOELSTELLING:

Om kennis te neem van die waarde en inhoud van ’n bedieningsplan vir die gemeente

LEERGELEENTHEID:

Kursusgangers neem kennis van die inhou en bespreek die volgende vrae:

- 1 Word die koers en kwaliteit van die gemeentelike lewe en bediening bepaal deur ‘n duidelike gedeelte visie en Bybelse missie?**
- 2 In watter mate beantwoord die gemeentelike beplanning en bediening aan die basiese vereistes van ‘n bedieningsplan?**

KERNINHOUD:

SESSIE 1: DIE WAARDE VAN ‘N BEDIENINGSPLAN VIR DIE GEMEENTE EN LENSE VIR KRITIESE EVALUERING

In die meeste gemeentes word daar op een of ander wyse beplan vir die gemeentelike bediening. Doelgerigte beplanning en gekontroleerde implementering het al in talle gemeentes baie positiewe resultate tot gevolg gehad. Dikwels is die teendeel egter waar en daarom is daar by sommige kerkrade weerstand teen enige poging om strategies na te dink oor die gemeentelike bediening. Dit help tog nie om ure te spandeer aan visieformulering, doelwitskrywing en die uitwerk van aksiestappe, terwyl dit soms bitter min positiewe verandering tot gevolg het nie. Die vraag of dit regtig nodig is om ‘n bedieningsplan en daaruit ‘n bedieningstrategie vir die gemeente daar te stel, is dus baie geldig.

Om te voorkom dat die daarstelling van ‘n bedieningsplan vir die gemeente nie maar net nog ‘n vrugtelose oefening sal wees nie, sal die kerkraad by die opstel van ‘n bedieningsplan deeglik rekening moet hou met wat ‘n bedieningsplan bedoel is om te wees. ‘n Bedieningsplan is veel meer as analises en doelwitskrywing met die oog op bepaalde aksies. ‘n Praktiese bedieningsplan bevat die volgende elemente:


- Die noodsaaklikheid van ‘n bedieningsplan vir die gemeente
- Identiteitsvinding (wie en wat die gemeente volgens die Skrif bedoel is om te wees binne die gegewe konteks van die gemeente).
- Visionering
- Missiestelling
- Kernwaardes vir bestuur en bediening.
- Strategie (gemeente- en gemeenskapsanalise, doelwitbeplanning, skedulering, implementering en evaluering)
- Hulpbronvoorsiening (mense, finansies, fasiliteite)
- Prosesbestuur en begeleiding van mense

Hieruit is dit duidelik dat 'n bedieningsplan wil voorkom dat net aan strukture van die gemeente gewerk of aksies geïmplementeer word, sonder om oor die roeping van die gemeente in die besondere konteks te besin. Dit wil verder voorkom dat 'n visie net vertaal word in terme van doelwitte en aksies sonder om die dinamika van die gemeente te verdiskonteer, onderlinge verhoudinge te bou en te sorg dat gemeente-ontwikkeling 'n geestelike proses is.

Wanneer die kerkraad 'n bedieningsplan vir die gemeente wil daarstel, is dit ook nodig om kennis te neem van die onderskeid tussen 'n bedieningsplan en strategie of strategiese beplanning. Dit is reeds gestel dat 'n bedieningsplan meer is as die ontwikkeling van strategieë of die organisering van projekte. Dit word aanbeveel dat die kernleiersgroep van die kerkraad die volgende evaluering van die gemeentelike situasie doen. Die "lense" wat hier opgesit word om die effektiwiteit van die gemeente te evalueer, is natuurlik nie die een en al nie, maar is nuttige hulpmiddels om te bepaal of dit nie tydlig is om indringend aan 'n bedieningsplan en ontwikkelingsstrategie aandag te gee nie. Dit kan oorweeg word dat die res van die kerkraad ook later in hierdie evaluering betrek word. 'n Werkwinkel kan dan gefasiliteer word sodat in meer diepte aan hierdie sake aandag gegee kan word.

1.1 Die lens van evaluering van die lewensiklus van die gemeente

Elke gemeente het 'n bepaalde lewensiklus. Ons kan dit so voorstel:



By die stigting van 'n gemeente, of met die aanvang van 'n nuwe fase in die lewe van die gemeente soos die wisseling van predikante en selfs met die oprigting of voltooiing van 'n kerkgebou, word daar bewustelik of onbewustelik 'n visie en doel vir die gemeente gevorm. Dit gee aanleiding tot die daarstelling van doelwitte, bedieningstrukture en bedieninge in die groeifase van 'n gemeente. Weereens geskied dit of formeel en gestruktureerd, of baie informeel en meestal ongeskrewe.

Wanneer die bediening van die gemeente oor 'n lang tydperk in stand gehou moet word, gebeur dit maklik dat jaar na jaar die huidige jaarprogram se datums eintlik net aangepas word vir die volgende jaar. Die gevaar bestaan dat stagnasie gedurende hierdie platofase kan

intree. Dikwels ontstaan vrae waarom dit nie meer so goed gaan in en met die gemeente as in die verlede nie. 'n Verlangte ontstaan na die "goeie ou dae" (en na mense soos die vorige predikant!). Polarisering en gevolglike potensiaal vir konflik is nie uitgesluit nie. Die gemeente beleef nou 'n kwynende fase.

Die versoeking is groot om, wanneer besef word dat stagnasie begin intree en die gemeente in 'n afgaande fase inbeweeg, net te herstruktureer, te herorganiseer, of om op een of ander manier weer lewe in die gemeente te probeer blaas. 'n Beter pad vir die gemeente is egter om te revisioneer, strategies te dink en daaruit die nodige veranderinge aan te bring.

Opdrag:

Besin oor waar die gemeente tans in haar lewensiklus staan, waarmee gemeentelidmate besig is, en of dit nie tyd geword het om indringend te evalueer en te revisioneer nie.

1.2 Die lens van visie en missie evaluering

Die *visie* van 'n gemeente is teologies van aard: Dit verwoord die gemeente se verstaan van waarheen God met hierdie gemeente op pad is. Dit is om te sien wat God vir ons sien, om te droom oor wat ons as gemeente in Christus behoort te wees binne ons eie bestaanskonteks. (Later sal meer aandag gegee word aan die proses van visionering). Die *missie* van die gemeente is die verwoording van hoe ons ons Bybelse roeping en opdrag wil uitleef in terme van die waarmaking van die visie.

Opdrag:

- Besin of die gemeente oor 'n duidelike visie en missie beskik en
- of die meerderheid lidmate weet waarheen en hoe die gemeente onder leiding van die kerkraad op pad is.

1.3 Lense vir die evaluering van gemeentegroei

Dit is wesenlik deel van kerkwees dat die gemeente behoort te groei. Onder gemeentegroei word die volgende aspekte verstaan:

- **Numeriese groei.**

'n Dinamiese en effektiewe gemeente behoort te groei in lidmaatgetalle. Ons staar ons dikwels blind teen demografiese verskuiwings en geboorte aanwas as moontlikheid vir groei of as verklaring vir daling van lidmaatgetalle. Die vraag moet altyd wees of daar in die bedieningsgebied nog *mense* is wat nog nie, of nie meer aan 'n kerk behoort nie. Dit is waar dat 'n deeglike omgewingsanalise nodig is om hierdie vraag afdoende te antwoord. So ook is dit 'n realiteit dat die etos van 'n spesifieke kerk nie alle mense aanspreek nie. Die vraag bly steeds of die gemeente missionêr ingestel is om met ons eie teologiese tradisie en etos mense te bereik wat nie meer ingeskakel is by 'n kerk nie.

Numeriese groei van 'n gemeente is ook meer as lidmaatgetalle. Dit het ook te make met die groei al dan nie van erediensbywoning, aktiewe betrokke aantal lidmate, inkomste, ens.

- **Groei in geloofsvolwassenheid en geloofsvaardigheid**

Deur effektiewe bediening behoort lidmate toe te neem in geloofsvolwassenheid en geloofsvaardigheid om mekaar geestelik te versorg en versorg te word.

- **Organiese groei**

Dit is die vermoë van die gemeente om in bediening en middele te groei tot selfstandige funksionering en tot waardetoevoeging aan lidmate en die gemeenskap.

- **Getuienis teenoor die gemeenskap (Inkarnaliserende groei)**

Die gemeente is geroep om deur woord en daad getuienis die betekenis en waarde van die Christelike geloof in die samelewing sigbaar te leef sodat dit vormend op die gemeenskap sal inwerk. In terme van groei vra ons dus na die mate waarop die lidmate in alle sferes van die gemeenskapslewe hulle getuienis uitleef. Dit gaan dus hier ook om die korporatiewe beeld van die kerk.

Opdrag:

Bespreek hoe dit in elk van bogenoemde aspekte met die gemeente gesteld is.

1.4 Die lens van evaluering van energie en hulpbronne

‘n Gemeente wat doelgerig en effektief ‘n duidelike visie nastreef, vertoon gewoonlik genoegsame menslike energie in die toewyding hieraan. Die teendeel is natuurlik negatiewe en daarmee gepaardgaande onbetrokkenheid. Dit het ‘n duidelike effek op voorsiening, instandhouding en uitbreiding van hulpbronne soos genoegsame mense (ampsdraers en lidmate) en finansiële vermoëns om die bediening van die gemeente effektief uit te voer.

Opdrag:

- Besin oor die stand van sake in die gemeente met besondere verwysing na die stand van erediensbywoning, genoegsame kerkraad, lidmaatbetrokkenheid, beskikbaarheid en toestand van gemeentelike fasiliteite, asook die finansiële posisie van die gemeente.
- Dit is noodsaaklik dat statiese gegewens in hierdie verband bygehou word en tendense geïdentifiseer word. Grafiese voorstelling daarvan bevorder meer effektiewe kommunisering daarvan met die kerkraad en gemeente

Opmerking: Ruimte vir verbetering t.o.v. of groei aspekte wat glad nie deur die missie van die gemeente aangespreek word nie, wys op die noodsaaklikheid dat strategies nagedink behoort te word oor hoe die gemeente haar roeping met groter effektiwiteit kan uitleef, d.w.s. kwantitatiewe en kwalitatiewe groei kan bevorder.

SESSIE 2: DIE INHOUD VAN ‘N *BEDIENINGSPLAN* VIR DIE GEMEENTE

‘n Bedieningsplan vir die gemeente bestaan uit verskillende aspekte en beskryf omvattend die totale bedieningsgerigtheid van die gemeente in al die fasette daarvan. Dit verwoord die groter prentjie van die gemeente. Dikwels word die konsepte *bedieningsplan* en *strategie of strategiese ontwikkeling* met mekaar verwar. Die verskillende aspekte van ‘n bedieningsplan en in die besonder die verhouding van die strategie tot die omvattende plan, kan beter verstaan word aan die hand van ‘n metafoor, naamlik die van bergklim.

- Die *visie* kan beskryf word as die *droom* om bo op die top van ‘n spesifieke berg te kan staan. Meer spesifiek kan die visie verstaan word as dit wat jy sien wanneer jy jouself indink dat jy reeds bo op die berg staan nog voordat jy begin het om daarteen op te klim. Ons kan dus sê dat visionering te make het met kommunikasie eerder as met beplanning. Die visie van ‘n gemeente word gebore uit die kreatiewe proses wat plaasvind in die gesprek tussen die storie van die gemeente (identiteit van die gemeente in die lig van die Woord) en die nood van die wêreld (konteks). ‘n Hoopvolle prentjie van ‘n nuwe gemeenskap kan ‘n

gemeente so aangryp dat hulle 'n verbintenis maak om deur hulle dienswerk, gawes en middele, die visie waar te maak.

- Die bedoeling van '**n missie** is om te sê **wat** gedoen word om die top van die berg te kan bereik, terwyl dit duidelik onderskei word van 'n strategie. Die missie is die sleutel tot die bedieningsplan in die algemeen en die strategie in die besonder, want dit is gegrond op duidelike teologiese uitgangspunte van wat die kerk is en behoort te wees in haar bediening in die wêreld.
- '**n Strategie** is die **hoe** of aksie wat nodig is om die berg te kan bestyg en is prosesmatig van aard - dit is nie 'n program of projek van die gemeente nie. Die strategie van 'n gemeente behoort verder korporatief van aard te wees. Dit is 'n strategie vir die gemeente en van die gemeente en dien so die visie en missie van die gemeente in terme van die totale bediening van die gemeente. Dit is verder belangrik dat spesifieke strategieë ontwikkel sal word vir elke doelstelling van die korporatiewe strategie. Om op die kruin van die berg te kan staan (visie) moet die berg bestyg (missie) word deur dit klim (strategie) langs 'n spesifieke roete of manier. Vir die verskillende aspekte van die klimproses moet spesifieke strategieë ontwikkel word wat weereens 'n duidelike missie (die wat) en aksieplanne sal hê. Die verskillende bediening van die gemeente, elk met 'n eie missie en strategie werk immers geïntegreerd en gekoördineerd saam volgens die missie van die gemeente om so die visie van die gemeente na te streef. 'n Strategie bevat die volgende dinamiese elemente van gemeente- en gemeenskapsanalise, doelwitbeplanning, skedulering, implementering en evaluering, asook 'n hulpbronbepaling en aanwending.
- **Kernwaardes**. Dit is van die allergrootste belang dat 'n bedieningsplan **kernwaardes** vir die bediening en die uitvoering van die plan sal uitspel. Kernwaardes verwoord die redes waarom gedoen word wat gedoen word. Dit sê waarom die bergklimmer in die eerste plek die berg bestyg. Dit is die dryfkrag agter elke besluit en aksie wat geneem word in die strategiese proses van die bedieningsplan. Dit is ook die witklippe of bakens langs die klimpad sodat die bergklimmer nie koers sal verloor nie.
- 'n Strategie vir die **bestuur van die bedieningsplan** behoort duidelik in die plan verwoord te word. Bestuur is daarom nie 'n grootheid op sigself nie, maar 'n prosessaak in die proses van die implementering van die bedieningsplan. Dit fokus in die besonder op die voorsiening en benutting van hulpbronne soos finansies, toerusting, fasiliteite en mense.

Die daarstelling van 'n bedieningsplan en die ontwikkeling van korporatiewe en spesifieke strategieë is 'n prakties-teologiese aangeleentheid. Dit is ingebed in 'n teologiese verstaan van wat die gemeente volgens die Skrif in Christus reeds is en steeds moet word binne die gegewe konteks van die gemeente. Voorop en as onderbou van 'n bedieningsplan in al die fasette daarvan is die aspek van **identiteitsvinding**. Die gemeente moet voortdurend besig wees met nadenke oor **wie** die gemeente is (as liggaam van Christus gestuur na die wêreld), wat die gemeente **glo** (didache), wat die gemeente **is** (koinonia), wat die gemeente **bid** (leiturgia), wat die gemeente **sê** (kerugma) en wat die gemeente **doen** (diakonia). Vanuit hierdie identiteitsbewustheid en deur die geloofshandelinge wat daaruit vloei, kommunikeer die gemeente die evangelieboodskap met die wêreld, word God verheerlik en is die kerk waarlik kerk.

MODULE 2.1

DIE GEMEENTE IN DIE WÊRELD: DIE KERK AS GEBEURE VANWEË DIE WOORD EN GEES DEUR DIE HANDELINGE VAN GELOWIGES IN DIE WÊRELD

DOELSTELLING:

Om te verstaan dat die kerk waarlik kerk is deur die heilshandeling van God (deur sy Woord en Gees) en die geloofshandeling van die gemeente in diens van God.

LEERGELEENTHEID:

- 1 Kursusgangers neem kennis van die inhoudstuk deur vooraf selfstudie en / of voordrag aan die groep en
- 2 bespreek die implikasies van die volgende stelling vir die gemeentelike bediening: “Die kerk moet steeds word wat dit in Christus reeds is”;
- 3 besin oor die verrykende gevolge wat dit inhou om in gemeente-ontwikkeling te fokus op die uitbouing van die geloofshandeling as basiese funksies van die gemeente en nie maar net op herstrukturering of herorganisering van die verskillende bediening nie.

KERNINHOUD:

2.1 DIE HEILSHANDELINGE VAN GOD

Die verskillende Nuwe Testamentiese geskrifte bied vir ons perspektiewe oor hoe die kerk, in die lig van die Christusgebeure, haarself verstaan het en steeds moet verstaan. In die heilshandeling van God, d.i. God se genadige en liefdevolle betrokkenheid by sondaarmense, kan die versoeningswerk van Christus nie van die versoeningswoord los gemaak word nie. Die heil van God in Christus, d.i. die omvattende vrede en harmonie waarin God met die mense op aarde wil leef, kan nie op ‘n ander manier in die wêreld grondvat as deur die verkondiging van die Woord nie. Die verkondiging of oordrag van die heilsgebeure in Christus het geloof en geloofsgemeenskap tot gevolg. Vanuit ‘n Nuwe Testamentiese perspektief moet die geloofsgemeenskap wat ons “kerk” noem, verstaan word as *gebeure*: die kerk tree na vore waar die mens deur die Woord en Gees van God aangespreek, gegryp en in ‘n persoonlike gemeenskap met God en ander gelowiges gebring word. In die gebeure van elke erediens as ontmoetingsgebeure tussen God en mens, word die kerk as’t ware telkens en opnuut kerk. Die kerk *word* dus altyd weer, terwyl dit tog reeds daar *is*. Die kerk op aarde *is* dit waarna dit *steeds vooruitgryp* en alleen so kan die kerk waarlik kerk wees. Hierdie wordingsgebeure tree nie uit die kerk self na vore nie, maar is die werk van God deur God se Woord en Gees. In die bestaan en wording van die kerk, is God in Christus deur die Heilige Gees werklik teenwoordig.

Die kerk behoort nie net aan God nie, maar is ook in diens van God. Die gemeente is daarom ‘n geloofsgemeenskap met ‘n besondere opdrag, ‘n uitverkore volk en ‘n koninklike priesterdom wat geroep is om die verlossingsdade van die Here te verkondig (1 Pet. 2:9; Mat 28:18-20). Die kern van ons opdrag as gemeente is dat ons in diens van Jesus Christus gestel is om die evangelie verder te voer in die wêreld – dit wil sê gelowiges en kerk is ingeskakel in die

Missio Dei (d.i. die sending van God). Die sending van die kerk is nie maar 'n aktiwiteit van die kerk of die liefhebbery van sommige gelowiges nie. Nee, dit is die wesenlike van die kerk.

Ons kan dit so saamvat: Die doel van die ontmoetingsgebeure tussen God en mens deur die Woord en Gees, is om die mens te bring tot 'n lewe voor God (*coram Deo*) en 'n lewe in diens van God (*missio Dei*). Dit gaan dus ten diepste om *spiritualiteit*: d.i. die besef en die belewing van God se teenwoordigheid in jou lewe en jou toewyding aan God deur 'n lewe van diens aan God en mense. Dít is van die allergrootste belang vir die verstaan van ons roeping en dienswerk as gelowiges. In hierdie gebeure van kerkwees op grond van die heilswerk in Christus, gebruik God die handeling van gelowiges om God se verlossingsdade verder te verkondig tot uitbreiding van die Koninkryk van God. Die kerk kan daarom nooit in selftevrede isolasie en gevolgtlike stagnasie verval nie, maar moet gedurig hervormend besig wees na die eis van die Woord en met begrip vir en gerigtheid op nood, die eise en geleenthede van die samelewing.

2.2 DIE GELOOFSHANDELINGE VAN DIE GEMEENTE

Wat die bedieningspraktyk van die gemeente betref, gaan dit in die gebeure van kerkwees om die *heilshandeling van God* (deur sy Woord en Gees) hier en nou in sy gemeente en in die wêreld, en om die *geloofshandeling van die gemeente* in diens van God. Vir die bemiddeling van die heil in Christus vir die wêreld, gebruik die Heilige Gees die geloofshandeling van die gemeente. Ons lees in verband met die Pinkstergebeure dat mense, vervul met die Heilige Gees, deur God in diens geneem word om God se doel met die wêreld te bereik. Die boek Handeling vertel die boeiende en byna ongelooflike verhaal van hoe die aktiwiteit van die Gees en die aktiwiteit van mense saamvloei in een beweging waardeur die evangelie van Jesus Christus die wêreld ingedra word. Dit het geweldige implikasies vir die geloofshandeling en bediening van die geloofsgemeenskap. Die gemeente is daarom 'n gemeenskap van gelowiges wat met die Heer en met mekaar, asook met die samelewing waarbinne dit leef, in 'n voortdurende dialoog en 'n duursame verhouding verkeer. Deur die handeling van die gelowiges, d.i. deur woord- en daadgetuie, kommunikeer die gemeente die blye boodskap van God se liefde en genade met mekaar en die wêreld.

Hierdie ontmoetingsgebeure tussen God en sy gemeente kristalliseer uit in die volgende basiese geloofshandeling en geskied in die verskillende handelingsvelde van die gemeentelike bediening:

- Die *viering* (leitourgia) van die heil in Christus deur lofprysing en aanbidding in gemeenskap met God en mekaar. Dit konkretiseer in die erediens van die gemeente, maar ook die lewe van gelowiges moet gekenmerk word deur lof en aanbidding as *erediens* van die lewe.
- Die *betuiging* van die heil in Christus deur *verkondiging* (kerugma) en getuie (marturia) geskied deur die verstaan van die Skrif, die internalisering en oordra van die inhoudelike waarheid daarvan deur prediking, die bediening van die sakramente, persoonlike getuie en evangelisasie/ sending
- Die *onderrig* of lering (didache) in die Woord en leer van die kerk tot geloofsopbou en lewensvorming. Dit geskied veral deur die verskillende vorme van kategetiese onderrig, toerusting en leerprediking.
- Die *deling* (koinonia) van en versorging in die heil in Christus deur geestelike versorging en ondersteuning, vermaning en tug soos nodig. Die handelingsvelde van onderlinge geestelike sorg deur alle gelowiges spontaan en in kleingroepverband, pastorale gesinsorg deur ampsdraers tydens huisbesoek en pastorale berading is hier ter sake. Die opsig en

tughandelinge van die toepaslike vergaderings van die ampte is ingebed in hierdie pastorale sorghandelinge.

- Die *bediening* (diakonia) van die heil in Christus deur opofferende liefdesdiens en hulpverlening aan alle mense. Dit gaan dus hier om die dienswerk van alle gelowiges wat toegespits word in die barmhartigheidsdienswerk in die gemeente en die wêreld.

Dit gaan dus om wat die gemeente glo (didache), wat die gemeente is (koinonia), wat die gemeente bid (leiturgia), wat die gemeente sê (kerugma) en wat die gemeente doen (diakonia). Vir die ontwikkeling en verryking van die gemeentelike bediening is hierdie perspektiewe van groot belang. As ons bv sou vra na die verryking van die erediens of die ontwikkeling van die kategetiese onderrig, sal nie net die geloofshandelinge van viering en onderrig ter sake wees nie, maar sal ons telkens moet vra hoe al die geloofshandeling in hierdie betrokke bediening tereg kan en moet kom.

Verder moet die unieke funksionele identiteit van die gemeente as handelende geloofsgemeenskap ook altyd helder voor oë staan in ons nadenke oor die kerk en bedieningsontwikkeling. Dit sal telkens die kriteria moet wees as ons wil toets of die bediening en ontwikkeling van die gemeente tot eer en verheerliking van God geskied. Hierdie funksionele identiteit word verstaan in terme van die klassieke belydenis oor die kerk ooreenkomstig die Apostolicum (een, heilige, algemene Christelike kerk) en die Belydenis volgens Nicea (een, heilige, algemene apostoliese kerk). Die bedieningsstrategie en lewe van die gemeente sal telkens aan die kern van hierdie belydenis getoets moet word.

- Eenheid: d.i. die saambindende faktor van die liefde van Christus wat so konkreet moet word dat dit samehangende verbande skep oor geografiese, kulturele, etniese en sosiaal-politieke verskille heen.
- Heiligheid: d.i. die andersoortige uniekheid van die kerk in die lig van die waarheid aangaande die heil in Christus. Dit beteken dat die gelowiges as kerk aan God behoort en daarom toegewydheid moet wees aan hulle roeping tot diens aan God
- Algemeenheid (katolisiteit): d.i. die wonderlike werklikheid dat die dissipelgemeenskap van almal wat in Jesus Christus glo, alle natuurlike en historiese grense transendeer en relativeer, terwyl vasgehou word aan die waarheid dat alle Christelike kerke in hulle verskeidenheid en lokaliteit, 'n algemene kernbelydenis van hulle geloof met mekaar deel
- Christelikheid (apostolisiteit): d.i. die gehoorsaamheid van die kerk aan die Skrif as die volheid van die waarheid en die roeping om hierdie heilsboodskap, in kontinuïteit met die eerste gemeente, na alle mense uit te dra. Die kerk is op Christus gebou en is vir kennis aangaande Hom afhanklik van die getuïenis van die apostels wat ons in die Nuwe Testament het.

MODULE 2.2

DIE GEMEENTE IN DIE WÊRELD: DIE WÊRELD WAARBINNE DIE GEMEENTE DIE KERK SE ROEPING MOET LEEF

DOELSTELLING:

Om ampsdraers en lidmate opnuut bewus te maak van die eise en geleenthede wat 'n tyd van verandering aan die kerk bied.

LEERGELEENTHEID:

- 1 Kursusgangers neem kennis van die inhoudstuk deur vooraf selfstudie en / of voordrag aan die groep
- 2 Die volgende vrae kan vir groepbespreking gebruik word:
 - Hoe het die samelewing waarbinne ons as gemeente leef en werk die afgelope tien tot vyftien jaar verander?
 - Wat is die impak daarvan op ons gemeentelike bediening, m.a.w. watter probleme ondervind ons om effektief kerk te wees?
 - Identifiseer die geleenthede wat daar vir die gemeente in ons tyd en omgewing is.

KERNINHOUD: 'N SAMELEWING IN TRANSFORMASIE

Die kerk het in die verlede telkens in elke nuwe historiese konteks nagedink oor sy wese en die uitleef van sy roeping in dié spesifieke tyd. Sedert die oorgang na die een-en-twintigste eeu het ons reeds 'n paar treë in hierdie nuwe tydvak van die mens se geskiedenis gegee. Dit vra dat ons deeglik sal moet kennis neem van die sogenaamde nuwe lewenswerklikheid waarbinne ons nou kerk moet wees, want dit het vir die kerklike bediening verreikende implikasies. Dit is die rede waarom nadenke oor die wêreld waarbinne die gemeente kerk moet wees ooreenkomstig die roeping en opdrag wat God aan sy gelowige kinders in sy Woord gee, dringend noodsaaklik is vir daarstelling van 'n n bedieningsplan vir die gemeente.

Wat die kerk, en ook die Hervormde Kerk as geloofsgemeenskap bedoel is om te wees, staan vas. Hoe ons die Bybelse perspektief van 'n gemeenskap van gelowiges wat ons kerk noem, soos verwoord in die Belydenisgeskrifte van die kerk en in die lig van ons Bybels-Reformatoriese tradisie verstaan, vind neerslag in ons Kerkorde en besluite van die Algemene Kerkvergadering. Hieraan moet solidêr-krities getrou bly. Oor "hoe" ons effektief ons roeping as kerk moet uitleef binne ons tyd en die omstandighede van elke gemeente, is die groot uitdaging waarvoor ampsdraers en ander gemeentelike leiers staan.

Om iets van die tyd waarbinne ons nou leef te probeer verstaan en die implikasies daarvan vir die kerklike bediening raak te sien, sal ons 'n bietjie moet teruggaan in die geskiedenis van die westerse denke. 'n Poolse priester, Kopernikus, het in 1514 die bevindinge van sy navorsing bekendgemaak en aangetoon dat die son staties is en dat die aarde om die son en om sy eie as draai. Vir die premoderne mens was die wêreld plat met 'n koepel of uitspannel (hemel) daaroor met groter en kleiner ligte (son, maan en sterre). Agter die koepel was daar water en ook die woonplek van God en sy engele. Die see was 'n gevaarlike en onvoorspelbare plek waarin ook bese magte gewoon het. Op die grondvlak het mense geleef terwyl onder die grondvlak die domein van bese magte was.

Galileo Galilei het later die teorie van Kopernikus verder ontwikkel deur met die hulp van 'n nuwe uitvinding, nl die teleskoop, te bevind dat die son nie die middelpunt van die heelal is nie, maar dat daar meer sonnestelsels bestaan met hemelliggame wat hulle eie bane om sonne of sterre volg. Hierdie gebeure kan beskou word as die oorgang van die sogenaamde premoderne wêreld- en lewensbeskouing na 'n moderne beskouing en die ontwikkeling van die moderne wetenskap.

Daar word in die algemeen na die era waarbinne ons nou leef en kerk moet wees, verwys as die postmoderne tyd. Die begrip postmoderniteit beskryf hierdie historiese fase as 'n denk- en leef fase van die mens wat radikaal gepluraliseer is: pluraliteit het die model vir denke en handeling geword en geen standpunt of aanspraak op waarheid geniet meer algemene dominansie nie. Die moontlikheid bestaan dat in die gesprek oor kerklike bediening binne hierdie denkklimaat, die teologiese normatiewiteit ingeboet kan word as aanpassings bloot op grond van menslike relatiwiteit en voorkeure gemaak word. Die ander kant is ook waar: Die postmoderne denke temper die individualisme van die moderne westerse samelewing wat dikwels lei tot kunsmatige vryheid waar die sogenaamde onafhanklike "ek" hom/haar nie deur eksterne norme laat voorskryf nie. 'n Positiewe bydrae van postmoderne denke tot die kerklike gesprek is dat dit 'n sensitieweit by mense wil aankweek om die ander te hoor ten einde hulle te verstaan, asook om te fokus op die mens as verhoudingswese. Postmoderniteit word dus gekenmerk deur 'n gevoel van deernis vir die "ander" en só ontsluit hierdie denkklimaat die ruimte tot gemeenskapsbetrokkenheid. (Diegene wat in meer diepte oor hierdie paradigmaverskuiwings in menslike denke wil lees, kan gerus die boek van dr Ben de Klerk, *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*, in die hand neem)

Vir ons in Suid Afrika val hierdie oorgangstyd in menslike denke en lewensuitkyk boonop saam met die drastiese politieke veranderinge veral sedert die negentigerjare van die vorige eeu en die implikasies wat dit op feitlik elke terrein van die lewe het. Ons mense is steeds onseker oor wat die toekoms inhou en dit werk ook deur na die kerklike lewe. Dit is nie vreemd dat baie mense ook begin twyfel aan die integriteit van die kerk nie. Lidmaatgetalle van die Afrikaanse susterskerke is steeds besig om te krimp en veral jongmense neem afskeid van die kerk. Die tradisionele kerk verloor ook sy erkenning en inspraak in die samelewing. Finansiële druk op die kerk word al hoe groter en al hoe meer gemeentes voer 'n bestaanstryd.

Hierdie oorgangstyd en die postmoderne denkklimaat waarin ons nou moet kerkwees, bied egter groot uitdagings en besondere geleenthede vir die kerk. As ons die Bybel mooi lees, bied dit aan ons goeie rede om steeds te hoop en moed te hou. Kyk maar net na die verhaal van God se volk in die tyd van die Ou Testament. Daar was lang tye waarin hulle op pad was, nie alleen van plek tot plek nie, maar in oorgang tussen situasies. So was die lewe van die Abraham, wat die vader van die gelowiges genoem word, 'n op-weg-verhaal; die Eksodusboek vertel van die oorgang vanuit slawerny in Egipte en die woestyntog na die beloofde land soos wat dit oorloop in die boek Josua; die profete vertel die verhaal van die oorgangstyd van die wegvoer in ballingskap en die latere terugkeer en hervestiging. Verhale van ontugtering wat groot eise gestel het aan die gelowiges, maar tog verhale van hoop omdat God in God se groot genade steeds met sy mense was en 'n nuwe toekoms moontlik gemaak het.

Die wins van 'n oorgangstyd is dat dit 'n mens opskep om dieper te sien, beter te hoor en helderder te dink. In so 'n tyd dink mense diep na oor waaroor die lewe eintlik gaan, wat meer en wat minder sin maak. Mense leer ook baie meer van hulleself - wat hulle diepste behoeftes en dryfvere is, wat belangrik is of minder belangrik is. In sulke tye vrae mense ook kritiese vrae oor

God en leer ook God en sy Woord van nader ken. In die breë gesien, openbaar die oorgangstye en die postmoderne mens in wording die behoefte aan

- Verdiepte spiritualiteit – ‘n beweging van soeke na die verbreding van jou lewe tot ‘n soeke na verdieping van jou verankertheid in God
- Verdiepte verhoudings – ‘n beweging van soeke na geborgenheid in strukture tot ‘n soeke na geborgenheid in verhoudings en in medemense
- Nuwe refleksie op die lewe – ‘n beweging van ‘n gevoel dat ek die lewe nie verstaan nie, tot ‘n soeke na insig en ‘n nuwe begrip, ‘n soeke na antwoorde op geloof- en lewensvrae
- Kreatiewe grenservarings – ‘n beweging van ‘n menslike ingesteldheid van ‘n-veiligheid-eerste-lewe binne die sisteem, tot vernuwende ervarings in die aangryp van uitdagings en geleenthede.

Dit beteken dat ons in tye soos die waarin ons nou leef en kerk moet wees, buitengewoon sensitief moet wees vir die vrae, nood en behoeftes van mense, maar nog meer sensitief vir die stem van God wat juis deur ons as kerk die wêreld en sy mense wil bereik.

Die geloofsgemeenskap wat dus erns maak met hierdie missionêre roeping, sal ook in sy bedieningspraktyk hierdie geleentheid nie onbenut laat verbygaan nie. As kerk van die Reformasie wat gedurig in die lig van die Woord moet nadink oor die wesenlike van ons kerkwees en hoe ons in die praktyk ons roeping effektief kan uitleef, sal ons die geleentheid moet gebruik om diep na te dink

- oor ons lewe as kerk en as gelowiges, naamlik of dit regtig ‘n lewe *coram Deo* is, d.w.s. ‘n lewe voor die aangesig van God
- oor wat ons as kerk moet wees en wil wees en of ons deeglik rekening hou met die *missio Dei* (die gestuur-wees van die kerk deur God na die wêreld)
- oor noodsaaklike verdieping, verbetering en soos nodig vernuwung in ons bedieningspraktyk en –strukture.

Hierdie opwindende moontlikhede wat ‘n tyd van verandering en postmoderniteit inhou, hou egter ook ‘n risiko in. Die gelowiges wat Sondae in die eredienste van ons gemeentes byeenkom en van hieruit deelneem aan die kerklike bediening, se godsdienstige tradisie is in ‘n groot mate gevorm uit ‘n aanvanklik premoderne en latere moderne klimaat. Mense beleef hulle godsdiens en kerklike betrokkenheid verskillend – ons godsdiens het ons aard gevorm en ons aard ons godsdiens. In die besinning oor die bedieningspraktyk van die gemeente, sal hierdie realiteit deeglik verreken moet word. Die veranderende denkklimaat en die diversiteit van denksisteme by mense wat ons in die gemeente vind, is egter ‘n realiteit. Ons beproefde en kenmerklike godsdiensbeleving (kerklike etos) sal ook nou in ‘n toenemende postmoderne geestesklimaat, opnuut gestalte moet vind.

Gelowiges van ons tyd deel in ‘n mindere of meerder mate hierdie nuwe lewensgevoelens. Hulle sal só begelei moet word dat byvoorbeeld die erediens steeds vir hulle steeds ‘n plek en geleentheid sal wees waar hulle, soos die mossie en die swaeltjie van Ps 84, by die Here tuis sal wees en nie sal ophou om Hom te prys en na sy wil te kom soek nie. Terwyl dit waar is dat ‘n gevestigde boom nouliks verplant kan word, kan dit egter op nuwe maniere groei as die wortels steeds vasstaan. Die kerk sal in sy bediening voorsiening moet maak dat talle gelowige lidmate reeds hierdie ontdekking in hulle godsdienstige belewenis gemaak het, naamlik dat die intuïwiteit van geloof en kritiese denke oor godsdiens, die Bybel en God, soos God hom laat ken in Jesus van Nasaret, nie mekaar uitsluit nie. Willem Nicol toon in sy boek, *Godsdiens wat werk* (2000), afdoende aan dat gereformeerde op ‘n unieke manier in die huidige geestesklimaat tereg kan kom en dat daar ruimte moet wees vir verskeidenheid in hoe mense hulle verhouding

met God beleef . Juis hierin lê die besondere geleentheid vir die kerk om ruimte te bied vir die kerkloses en post-kerklikes waar hulle weer sin en vrede kan vind.

MODULE 2.3

DIE GEMEENTE IN DIE WÊRELD: VISIONERING

DOELSTELLING:

Om te verstaan waarom visionering belangrik is vir die daarstelling van 'n effektiewe bedieningstrategie vir die gemeente en in staat te wees om aan die hand van die basiese riglyne vir die visioneringsproses 'n visie vir die gemeente te ontwikkel

LEERGELEENTHEID:

- 1.1 Deelnemers besin aan die hand van die kerninhoud op die visie van die betrokke gemeente werklik die stukrag is in die lewe van die gemeente wat dit behoort te wees en identifiseer die redes waarom dit so of nie so is nie, of
- 1.2 indien die gemeente nie 'n duidelike visie het nie, dit nie meewerk aan die onsekerheid oor die toekoms en bediening van die gemeente nie?
- 1.3 Die proses van visionering vra kundigheid in hierdie verband. Gemeentelike leierskap evalueer hulle eie vermoë om aan hierdie saak aandag reg te laat geskied. Indien nodig word besluit om die hulp van kundiges in hierdie verband te bekom.

KERNINHOUD:

1 BOUSTENE VAN 'N VISIE IN DIE PROSES VAN VISIONERING

Visionering is uit en uit 'n prakties-teologiese gebeure in die opbouproses van 'n gemeente: Waarheen is God met die gemeente op pad binne die besondere omstandighede waarbinne hierdie gemeente die kerk se roeping moet uitleef? Die oortuiging dat die vertrekpunt vir 'n visioneringsproses in 'n gemeente, 'n teologiese vertrekpunt is, stel die volgende vrae aan die orde:

- Hoe sien, beleef en verstaan ons God se teenwoordigheid in die lewe van ons gemeente?
- Waarheen is God met ons gemeente op pad?
- Wat is God se roeping vir ons?
- Hoe wil die Here ons gebruik om sy koninkryk te laat kom?

'n Gemeente wat verstaan wat God se doel is met die kerk en dat hulle so deel is van die missio Deo, sal ook 'n passie moet hê en ontwikkel vir die nood van die wêreld. God het immers 'n passie vir gebroke mense en 'n stukkende wêreld. Dit is 'n toetssteen vir die geloofwaardigheid van die kerk: 'n Gemeente wat nie bewoë is oor die nood van mense rondom hulle nie, maar net na binne gerig is en op eie instandhouding fokus, kan nie verwag word om ernstig opgeneem te word as getuies van die liefde van God in Jesus Christus nie. 'n Gemeente wat doof bly vir die hulpgeroep van mense in nood, is heeltemal ongeloofwaardig. Hierdie nood het vele gesigte:

- Die nood van mense in die verloreheid van sonde en die gevolge daarvan wat bv. sigbaar word in gebroke verhoudinge, gebrek aan respek vir lewe en ander se besittings, geweld en misdaad.
- Fisiese nood bv as gevolg van siekte en die gevolge van die MIV-Vigs pandemie soos onder andere
- Armoede wat soos 'n plaag in moderne sin mense hulle menswaardigheid ontnem en in fisiese lyding dompel.
- Emosionele nood: Stres en depressie is sinoniem met ons tyd

Die boustene van 'n visie vir die gemeente is dus

- teologiese van aard: dit weerspieël oor hoe die gemeente oor God dink.
- ekklesiologies van aard: dit weerspieël oor hoe die gemeente oor hulleself as geloofsgemeenskap dink (kerkbegrip van die gemeente)
- kontekstueel van aard: dit weerspieël oor hoe die gemeente die aard en dinamika van die samelewing verstaan
- missiologies van aard: dit weerspieël oor hoe die gemeente hulle roeping (missio Dei) in die wêreld verstaan.

2 DIE BETEKENIS VAN 'N DUIDELIKE VISIE VIR DIE GEMEENTE

Ons kan die betekenis van 'n visie vir die gemeente so saamvat:

- 'n Duidelike visie rig dus die gemeente op die toekoms: Visionering is om saam te begin droom oor die toekoms wat nie gebou word op menslike sekerhede nie, maar omdat geglo word dat die toekoms in God se hand is.
- 'n Duidelike visie herstel identiteitsverlies en gee aan die gemeente 'n gevoel van selfwaarde: In die proses van visionering word duidelik gevra na wie ons is en wat ons as gemeente behoort te wees volgens God se doel met die kerk. In die proses sien gemeentes weer die hand van God in hulle eie lewe raak, asook die verskil en nuwe hoop wat intree as God deur die handeling van gelowiges sigbaar word in die gemeente en gemeenskap. 'n Teologiese gefundeerde visie help die gemeente om deur die na binne gerigtheid te breek wanneer hulle die missionêre roeping van die kerk verstaan as deel van die wesenlike van kerkwees.
- 'n Duidelike visie gee gerigtheid en fokus aan die bediening van die gemeente en die energie wat mense in hierdie bediening moet insit. Dit motiveer mense om, ooreenkomstig hulle Godgegewe gawes en persoonlike passie en styl, hulleself as lewende offers in diens van God te stel.
- 'n Duidelike visie open nuwe perspektiewe vir gemeentelike leierskap. Ampsdraers en lidmate wat leiding neem, sien hulle betrokkenheid in die uitvoering van die missie van die gemeente in die nastreef van die visie, nie maar net as doen-funksies nie, maar ervaar dat die wees-funksie van geestelike leierskap nuwe moontlikhede open en nuwe werklikhede skep in hulle eie lewens en gemeentelike bediening.
- 'n Duidelike visie wat gebore is in die kragveld van die Heilige Gees bring nuwe hoop in die lewe van die geloofsgemeenskap en gemeentelike leiers. Om binne die kragveld van die Gees te lewe as gemeente en as geestelike leiers in die gemeente, is om nuwe lewe te verwag by elke erediens, elke huisbesoekgeleentheid, elke vergadering, ja selfs in die realiteit van ongunstige omstandighede op ekonomiese terrein, onveiligheid en lyding. Die hoop en nuwe toewyding wat groei vanuit visionering en 'n doelgerigte strategie vir die gemeente, is nie die uitvindsel

van strategiese denkers en fasiliteerders nie, maar dit word gebore in die tradisie van die profetiese woord van hoop en die nuwe tyd wat in Christus deurgebreek het. Dit is so oud soos die Here se verbond met sy kinders! Daarom is dit reeds gesê dat visionering die proses is om weer te sien wat God sien.

3 DIE PROSES VAN VISIONERING

Deur die verhaal van die gemeente in herinnering te roep, besef die gemeente hoe God met hulle op pad was en deur hulle in die wêreld aan die werk is. Wanneer die verhaal van die gemeente verstaan word teen die agtergrond van die verhaal van die samelewing en die eie belewenis daarvan, ontdek mense ook die nood en geleenthede wat daar vir die gemeente is om mee te werk aan die toekomsverhaal van die gemeente. Visionering skep ruimte waarbinne menslike geskiedenis en heilsgeskiedenis verenig in nuwe verhaal van hoop wat ontvou.

Visionering is om te sien wat God sien, om raak te sien waar en hoe God in die wêreld aan die werk is en om dan saam met God te werk. Die visie vir 'n gemeente word dus gebore uit die kreatiewe spanning tussen waar die gemeente *is* en waar dit *behoort te wees* volgens dit wat God vir die gemeente sien. Die geboorte van 'n visie vir die gemeente is 'n kreatiewe proses wat plaasvind in die gesprek tussen die lewensverhaal van die gemeente (*teologiese identiteit*) en die nood en behoefte in die wêreld (*kontekstuele realiteit*). 'n Hoopvolle prentjie van 'n nuwe gemeenskap kan 'n gemeente so aangryp dat hulle 'n *verbintenis* maak om hulle gawes en middele te offer om die visie waar te maak.

Riglyne vir die verloop van die visioneringsproses:

1 *In die visioneringsproses speel die predikant 'n belangrike rol.*

Dit is immers sy / haar voorreg en verantwoordelikheid om voortdurend “met een oor naby God se mond en die ander oor naby mense se mond te leef”. Die vrae rondom visionering moet voortdurend in die hart van die predikant leef en deurworstel word in sy / haar gesprek met God in die lig van die Woord vanuit die konkrete situasie van die gemeente:

- Waarom is ons kerk, wat is God se roeping vir ons?
- Hoe sien ek God se teenwoordigheid in my lewe en die van die gemeente?
- Waarheen is God met my en die gemeente op pad?
- Hoe wil die Here ons as gemeente gebruik om sy koninkryk te laat kom?

2 *Die rol van gemeentelike leierskap*

Die predikant deel sy / haar worstelende soeke en insigte oor God se visie vir die gemeente met aanvanklik met die kerngroep van gemeentelike leiers en betrek gaandeweg die hele kerkraad en ander leiers in die proses. Tydens elke vergadering word hierdie vrae aan die orde gestel, gedagtes daarvoor gewissel in die lig van die Woord en vanuit die konkrete situasie van die gemeente in die biddende soeke na God se visie vir die gemeente.

3 *Inskakeling van die gemeente in die visioneringsproses*

Die gemeente word gaandeweg by die proses betrek deur bv prediking insake die roeping van die kerk en die gemeente binne eie konteks. Veral tydens huisbesoek stel ampsdraers hierdie vrae aan die orde en gee terugvoering aangaande die insette van lidmate aan die leierskap van die gemeente.

4 *Die benutting van 'n visioneringsgroep*

Identifiseer lede vir visioneringsgroep wat so inklusief as moontlik moet wees in terme van ouderdom, geslag, verskillende denkwyses en diverse spiritualiteite, asook vlak van betrokkenheid in die gemeente. Dit is belangrik dat randfigure in die gemeente doelbewus betrek word terwyl formele leierskap van ampsdraers en predikante nie in getalle en

deelname moet oorheers nie. Die visioneringsgroep werk in hulle eie soeke met die terugvoering van lidmate uit die wyke.

Skep geleentheid waar hierdie groep oor hulle eie visie en roeping kan nadink en 'n span kan vorm. 'n Naweek saam in 'n eilandsituasie werk baie goed, terwyl die diens van 'n fasiliteerder van buite die gemeente hier eintlik noodsaaklik is. Die predikant van die gemeente moet nie hier 'n fasiliterende rol speel nie.

5 *Visioneringsdag*

Die visioneringsproses kan tot 'n hoogtepunt gevoer deur 'n opedag vir gemeentelike te bied waar hulle deel kry aan die resultate van denke tot dusver en saamwerk en vormgewing van die visie en missie. Visionering is egter nooit 'n afgehandelde proses nie. Trouens, die feit dat dit 'n proses is sê juis dat dit altyd oop is vir aanpassing soos wat die gemeente God stem in die gang van die gemeentelike lewe hoor.

Die benutting van 'n eksterne fasiliteerder hier van uiterste belang.

6 *Kommunikering van die visie*

Die visie moet deurlopend met die gemeente gekommunikeer word. Wees kreatief en

- skep geleentheid om die storie van visievorming te vertel – maak vanaf die begin van die proses voorsiening vir die neem van foto's en 'n video-opname
- verwoord die visie in 'n kort sin, sonder om in algemeenheid te verval, en bring dit aan op jaarprogram, nuusbrief van die gemeente ens.
- skep 'n eenvoudige dog treffende embleem wat die visie sonder woorde kan kommunikeer. Daar is gemeentes wat selfs die visie in 'n lied of 'n soort credo verwoord.

Gemeentes kan ook tydens 'n feesgeleentheid die visie amptelik in gebruik neem en selfs jaarliks 'n visiefees hou waartydens groei van die visie en missie telkens gedeel word.

MODULE 3.1

DINAMIKA VAN DIE GEMEENTE: DINAMIKA VAN GROOTTE

DOELSTELLING:

Om kennis te neem van die implikasies van die dinamika van grootte van 'n gemeente vir die bestuur en bediening van 'n gemeente en dit te verdiskonteer in die bedieningsplan van die gemeente

LEERGELEENTHEID:

Deelnemers neem kennis van die inligting en

- bepaal onder watter kategorie die betrokke gemeente inpas,
- asook die implikasie daarvan vir die gemeentelike bediening vorentoe

KERNINHOUD:

- 1 Die familie-tipe gemeente
- 2 Die pastorale-tipe gemeente
- 3 Die liggaamstipe-gemeente (sg program-gedrewe gemeente)
- 4 Die korporatiewe gemeente
- 5 Die tussen-in-gemeente

MODULE 3.2

DINAMIKA VAN DIE GEMEENTE:

DIVERSE DENKSISTEME EN SISTEEMSENSITIEWE LEIERSKAP

DOELSTELLING:

Om die diversiteit van denksisteme in die gemeente te kan onderskei en die impak daarvan in die bedieningsplan te verdiskonteer.

LEERGELEENTHEID:

Sien opdrag na inhoudstuk.

KERNINHOUD

1 SISTEEMDENKE AS 'N GEGEWENHEID

Die paradigmatische verskuiwing wat in die mensdom se denke en werklikheidsverstaan besig is om plaas te vind, het verreikende gevolge vir die kerklike bediening. In 'n vorige module is reeds gewys dat die dinamika van die oorgang van 'n moderne na 'n postmoderne manier van dink en doen, 'n meer komplekse en gerelativeerde lewensbeskouing en –styl tot gevolg het. Tot redelik onlangs was die lewe eenvoudig. Die gemiddelde persoon het 'n eenvoudige beskouing van die natuur, die oorsaaklikheidsleer en siektes gehad. Sosiale strukture was net so eenvoudig en kennis van ander kulture was beperk. In so 'n wêreld kon mense bestaan sonder om gebruik te maak van komplekse denksisteme. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die versnelling van die paradigmatische verskuiwing in denke het die mens se bestaan vinnig kompleksier geword. Dit was veral in die laaste 30 jaar dat daar 'n dramatiese toename in die kompleksiteit van ons bestaan gekom het. Dit is geen wonder nie dat hierdie nuwe begripsisteme, wat in staat is om groter kompleksiteit en dubbelsinnigheid te hanteer, vinnig veld wen nie.

Wat die kerklike posisie betref is dit waar dat daar wel 'n tyd was toe met 'n mate van sekerheid aanvaar kon word dat geloofsgemeenskappe intern redelik homogeen was en dat geloofsgemeenskappe binne dieselfde kerkverband eenvormig benader kon word. Tans is dit so dat mense binne dieselfde geloofsgemeenskap dikwels selfs nie eers die Skrif eenders verstaan nie, nie noodwendig almal dieselfde waardesisteme huldig nie, nie op dieselfde wyse wil aanbid nie en dat almal se geestelike behoeftes nie met 'n uniforme bedieningsbenadering bevredig kan word nie. Dit word verder duidelik dat die sogenaamde suiwer lering nie sondermeer die sterkste oorweging in mense se affiliasie met 'n gemeente is nie, maar bedieningsgeleenthede vir sinvolle deelname, waarvan die erediensbeleving tans in belangrikheid toeneem. Dat voorskriftelikheid en rigorisme in hierdie omstandighede 'n fout sal wees, is duidelik. Die herinterpretasie van geloofswaarhede vir nuwe tye vra 'n bepaalde soort openheid.

Die realiteit is dat hierdie diversiteit in denke ook in die kerklike bediening neerslag vind. Dit is immers mense wat gedurende die week kinders van hulle tyd is, wat ook Sondae kom deel aan die erediens van die gemeente. Ons sal die dinamika van gemeentewees ook in terme van die sogenaamde denksisteme moet verstaan en hanteer. Die gemeente nie langer slegs gesien en benader

word as 'n groep mense wat byeengebring is op grond van eenvormige gemeenskaplike waardes en aspirasies nie. Die gemeente moet ook verstaan en benader word as 'n komplekse patroon van menslike netwerke wat op verskillende maniere op mekaar inspeel. Die interaksie van hierdie netwerke definieer die atmosfeer en dinamiek van die gemeente. Dis belangrik om steeds in gedagte te hou dat

die dinamika van die gemeente nie vasgevat kan word in organigramme en vaste strukture nie, eerder voorgestel kan word deur diverse sirkels wat oor mekaar vloei en in mekaar insny, saamgebind in die holistiese perspektief dat die geheel meer en groter is as die somtotaal van die eenhede.

2 DIVERSITEIT VAN DENKSISTEME

Gesaghebbende navorsing en literatuur insake gemeente-opbou en bedieningsontwikkeling veral met die oog op die eise wat dit aan kerklike leierskap stel, omskryf die unieke dinamika van die verskillende denksisteme soos volg:

Sisteem 1-denke gaan oor primêre bestaanskwessies soos fisiese oorlewing waar die lewe bedreig word. Die basiese lewensopvatting is dat niks anders meer saak maak as om aan die lewe te bly nie. In hierdie sisteem is die fundamentele sekerheidskwessie die gevoel van veiligheid. Dit word teweeggebring wanneer 'n mens die minimale noodsaaklikhede van voedsel, water en warmte het. Verder is 'n mens betekenisvol indien voedsel en beskerming teen die elemente vir vandag gevind kan word. Sisteem 1 denke is van geboorte af aktief en dit voorsien die basiese instinkte vir oorlewing. In sisteem 1 *lewe* mense nie soseer as wat hulle *reageer* nie. 'n Mens se hele uitkyk draai om basiese behoeftes. Alhoewel 'n mens in die vroeë kinderjare verby sisteem 1 beweeg, kan 'n mens daarheen terugkeer in gevalle waar jou lewe tot die uiterste toe bedreig word of in die finale stadiums van 'n terminale siekte.

Sisteem 2-denke gaan basies oor persoonlike veiligheid in 'n wêreld van onsigbare magte. Die basiese lewensopvatting is dat daar agter die gebeure in die natuur geestelike kragte staan (wat gewoonlik nie gesien kan word nie) en wat baie sterker is as wat 'n mens ooit kan wees. Daarom is die fundamentele sekuriteitskwessie die gevoel van veiligheid wanneer 'n mens vrede kan maak met onsigbare magte wat die wêreld beheer. Die mens beleef homself as betekenisvol wanneer hy 'n seën van die onsigbare magte verkry of hulle vloek vermy.

Dit is opvallend dat veiligheid in sisteem 2 denke die drang tot oorlewing van sisteem 1 denke vervang. Dit gaan in sisteem 2 denke daarvoor dat die sigbare en onsigbare wêreld beheer moet word. Vir hierdie doel gebruik sisteem 2 denke 'n ryke verbeelding. Dit poog om die onsigbare magte wat agter die natuur funksioneer, te visualiseer. Vir 'n kind neem sisteem 2 denke die vorm aan van feëverhale waar die goeie elke keer oor die slegte triomfeer. Vir antieke kulture het die mitologie dieselfde rol vervul. Omdat sisteem 2 denke voortdurend kwesbaar voel, speel bepaalbaarheid, roetine en rituele 'n belangrike rol. Hierdie dinge verseker sisteem 2 denkers dat alles vandag nog dieselfde is as wat dit gister was; daarom is alles wel. Sisteem 2 denkers beleef 'n baie hoë mate van sekuriteit in seremonies en rituele waarby die groep betrokke is. Waar sisteem 2 denkers die oorhand het, ontstaan organisasies wat op soortgelyke basis as 'n stam funksioneer. Daar is met ander woorde minimale hiërargie, die groep deel die 'heilige grond' en daar is min begrip vir privaat eienaarskap.

In **sisteem 3-denke** gaan dit primêr oor fisiese veiligheid teenoor vyandige menslike magte. Die basiese lewensopvatting is dat 'n mens genadeloos die sterkere in die wêreld moet wees. Aan die ander kant moet 'n mens versigtig wees vir die sterkere, anders sal jy nie lank oorleef nie. Daarom beleef die mens 'n gevoel van veiligheid wanneer alles en almal wat 'n mens bedreig, oorwin en beheer word. In hierdie sisteem beleef die mens hom as betekenisvol as hy sterk is, in staat is om op eie twee voete te staan en gevaar te kan trotseer sonder om te wyk.

Sisteem 3-denkers soek sekuriteit in fisiese krag. Hierdie sisteem is die reaksie op omstandighede waarin ander mense 'n ernstige fisiese bedreiging is. In sulke omstandighede is sisteem 3-denkers van mening dat 'n mens óf 'n wenner óf 'n verloorder is. Sisteem 3-denkers is absoluut daarop ingestel om te wen. Sisteem 3-denkers handhaaf sy posisie van krag ten koste van ander. Dit is vinnig om voordeel te trek uit swakheid en dit eksploiteer kwesbaarheid. Slegs die sterkste oorleef in 'n wêreld wat deur sisteem 3-denkers geregeer word, terwyl die res ondergaan. Dit is die primêre sisteem wat gebruik word om oorloë te voer, koninkryke en gevangnisse te bou; baie soos 'n militêre struktuur, neem sisteem 3-denkers organisasies die vorm van 'n piramide aan. Die magtige besluitnemers is bo en die res word ondertoe gerangskik in orde van belangrikheid.

In **sisteem 4-denke** gaan dit primêr om morele en sosiale stabiliteit in 'n wêreld van hedonisme, drifte, hartstog en geweld. Die basiese lewensopvatting is dat daar 'n 'gebied' van waarheid is, vol blywende beginsels van wat reg en verkeerd is. 'n Mens se standvastige verbondenheid aan die waarheid verseker dat die goeie uiteindelik op die aarde sal triomfeer. Daarom beleef sisteem 4-denkers die gevoel van veiligheid wanneer tydlose beginsels ontdek word en 'n mens dan sy lewe daarmee in lyn kan bring. Die mens beleef homself as betekenisvol wanneer hy getrou bly aan die waarheid en aan dít wat die waarheid van hom vra.

Waar sisteem 3-denkers individualisme en selfuitdrukking voorstaan, gaan dit vir sisteem 4-denkers oor plig, lojaliteit, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Sisteem 4-denkers glo dat die gemeenskap in gevaar verkeer indien die prikkels van sisteem 3-denkers ongehinderd gelaat word. Die gevolg is dat sisteem 4-denkers geweldig klem lê op selfdissipline en uitgestelde beloning. Sisteem 4-denkers definieer sy prioriteite in die lig van waarheid, reg en regverdigheid. Sisteem 4-denkers is onvermoed besig om waardes en oortuigings na te vors.

As gevolg van die gevaar wat dit by sisteem 3-denker waarneem, soek sisteem 4-denkers krag in getalle. Hierdie sisteem organiseer hom rondom hegte groepe 'ware gelowiges' wat saamstaan teen 'n 'vyandige wêreld'. Sisteem 4-denkers is gou om oortreding uit te wys, terwyl dit skuldgevoelens en vrees gebruik om gedrag in toom te hou. Aan die ander kant is dit ook hoogs selfopofferend. Dit is die eerste sisteem waarin mense ter wille van 'n saak meegesleur word tot op die punt dat hulle selfs bereid is om daarvoor te sterf. In die vorige sisteme was daar die passie vir mense of dinge, maar nie vir 'n saak nie. Sisteem 4 organisasies floreer op persoonlike betroubaarheid en verbondenheid ('commitment'). Daar word duidelike onderskeid gemaak tussen reg en verkeerd, met reëls en regulasies vir alles. Hierdie sisteem is op sy hoede vir verandering, altyd bevrees dat sisteem 3 weer die oorhand kan kry.

In **sisteem 5-denke** gaan dit primêr om persoonlike sukses en prestasie in 'n wêreld waarin die eise van konformiteit 'n mens se innerlike sin vir vervulling in die wiele ry. Die mens se basiese lewensopvatting in hierdie sisteem is om sy vermoëns en potensiaal te ontwikkel. Daarom het hy 'n

plek nodig waar hy vry is om innoverend te wees, nuwe dinge te probeer en eindelose moontlikhede te ontdek. In hierdie sisteem word sekuriteit beleef wanneer 'n mens beter ingelig is as ander, op sy voete kan dink, tydige besluite kan neem, doeltreffend in sy pogings is en onvermoeid is as 'n innoveerder. Daarom beleef 'n mens homself as betekenisvol wanneer hy indrukwekkende doelwitte bereik het en homself omring het met dit wat van sy sukses getuig.

Sisteem 5 kom te voorskyn as 'n teenvoeter vir sisteem 4-denke se versigtigheid en kontrolebeheptheid. Sisteem 4, met sy voorliefde vir stabiliteit en bestendigheid, is nie oorvriendelik met innoverende geeste nie. Sisteem 4-denkers kan diegene wat oorweldig is deur 'n gevoel van mislukking en wat nie staande kan bly onder die voortdurende boodskap van skuld en vrees nie uiteindelik verpletter. Sisteem 5-denke is 'n antwoord, nie op die bedreiging van fisiese oorlewing nie (soos in sisteme 1,2 en 3 nie) of op die bedreiging van morele en sosiale oorlewing (in sisteem 4) nie, maar op psigologiese oorlewing. Sisteem 5-denkers reageer op sisteem 4-denkers se beperkings deur persoonlike potensiaal na te jaag. Sisteem 5-denke is 'n goeie resumébouer. Dit vul die lewe met aktiwiteite en prestasies. Sisteem 5-denkers verafgod effektiwiteit en doeltreffendheid en dit vra na vryheid om sy moontlikhede op elke gebied te bewys. Dit is die sisteem wat entrepreneurs oplewer. Dit is ook die sisteem wat verantwoordelik was vir die moderne wetenskap en tegnologie. Met sy sterk vooroordeel ten gunste van prestasies en effektiwiteit gee sisteem 5-denkers geboorte aan organisasies wat baie klem lê op strategiese beplanning, wat doelwitgesentreerd werk, en wat tyd goed bestuur, tesame met groot beloning (gewoonlik materieel) aan diegene wie se verrigting goed is.

Vir **sisteem 6-denke** gaan dit primêr om intieme bande te smee en wedersydse ondersteuning te bied in 'n wêreld wat oorgelewer is aan onsensitiwiteit, vervreemding en eksploitasie. Die basiese lewensopvatting hier is dat slegs 'n lewe wat intiem met ander gedeel word en in diens van ander geleef word, betekenis het. Die mens voel homself veilig wanneer hy deel kan wees van 'n groep wat intens vir hom omgee, soos wat hy op sy beurt vir die groep omgee. Dit maak nie saak of hulle met bande van bloed of etnisiteit verbind is nie. Daarom beleef die mens homself as betekenisvol wanneer hy genoeg omgee om die las van diegene wat deur tragedie of trauma verpletter is op hom te neem.

Sisteem 6-denke tree na vore wanneer mense besef wat die prys is wat die wêreld moes betaal vir die prestasiegeoriënteerdheid van sisteem 5. In sy haas om 'n resumé op te bou en groot profyte te maak, kan sisteem 5-denkers bo-oor mense, verhoudings en die omgewing loop. Sisteem 6-denkers poog om genesing aan 'n verwonde wêreld te bring. Die ekologie-beweging het sy ontstaan aan sisteem 6-denke te danke; ook die verskeie herstelgroepe, die 'regte'-groepe en die groepe wat druk uitoefen vir algehele gelykheid. Sisteem 6-denkers streef na binding in die plek van vervreemding, intimiteit in die plek van effektiwiteit, medelye in die plek van profyt. Sisteem 6-organisasies se tipiese funksionering is in klein selle, wat dikwels bestaan uit nie meer as 20 mense nie, maar besluite word deur die hele span geneem. In lyn met die gees van algehele gelykheid minimaliseer sisteem 6-denke hiërargie sowel as die onderskeid tussen bestuurders en diegene wat deur hulle bestuur word.

Vir **sisteem 7-denke** gaan dit primêr om die dreigende ramp af te weer van 'n gepolariseerde wêreld, waarin onbuigsame menings en partisaangeeste strydende kampe bevorder en die buigbaarheid bedreig wat ons nodig het om te oorleef. Dit spreek vanself dat die basiese lewensopvatting in hierdie sisteem plooibaar is. In 'n wêreld wat deurdrenk is van onsekerheid moet die mens eindeloos aanpasbaar wees - nie vasgekluiser aan slegs een manier waarop dinge gedoen

word terwyl mense gedwing word om te konformeer nie. In hierdie sisteem voel die mens homself veilig wanneer hy 'n holistiese perspektief handhaaf, genoeg insig, versierendheid en buigzaamheid het om verandering te antisipeer, voor te bly en om in die proses in harmonie met ander te leef. In hierdie sisteem beleef 'n mens homself as betekenisvol wanneer hy in staat is om onder die oppervlak die verwarring en die onderliggende patrone en realiteite te kan raaksien. Hy werk dan om magte wat andersins teen mekaar werk in lyn met mekaar te bring.

In teenstelling met sisteem 4-denke wat streef na stabiliteit en orde veronderstel sisteem 7-denke dat verandering voortdurend plaasvind en nie vermy kan word nie. Sisteem 7-denkers poog daarom om saam met die stroom van hierdie werklikheid te gaan. Sisteem 7-denkers poog om fisiese, spirituele en sosiale prosesse te verstaan en om in harmonie daarmee te werk. Sisteem 7-denkers is verder geneig om hom na die situasie te skik. Wanneer daar byvoorbeeld deur die omstandigheid vereis word dat daar 'n rigiede hiërargie moet wees, sal sisteem 7-denkers dit bevorder, maar wanneer omstandighede môre verander, sal sisteem 7-denkers weer druk uitoefen vir 'n baie gelykmatige struktuur, soos dié wat 'n mens in sisteem 6-denke kry. Hierdie buigzaamheid van sisteem 7-denke lei tot gereelde intensionele aanpassings in die gang van sake. Om te weet watter aanpassings om te maak en wanneer om dit te maak, gedy sisteem 7-denkers op massa-inligting. Hierdie sisteem probeer na die horison kyk om te sien wat aan die kom is en om daarvoor gereed te wees.

In **sisteem 8-denke** gaan dit primêr oor die skep van 'n egte besef dat die hele menslike geslag een ras is wat in 'n enkele dorp woon (globale, holistiese benadering). Daar is gelyke toegang vir almal tot ons planeet. Daar word baie vir die aarde omgee as 'n baie brose 'vennoot'. Die basiese lewensopvatting in hierdie sisteem gaan daaroor dat volgehoue oorlewing verseker sal word. Om dit te bereik, moet 'n gevoel van 'eenwees' met alle lewende dinge geskep word, terwyl 'n mens die ryke misterie agter die lewe self erken en werk om lewe in al sy vorme te bewaar. Die mens in hierdie sisteem voel homself veilig as hy die destruktiewe wedywering en eng kortsigtigheid wat mens teenoor mens en die mensdom teen die natuur laat kragte meet, ongedaan kan maak. Daarom beleef die mens homself as betekenisvol wanneer hy werklik met alle mense kan identifiseer as sy broers en susters, afgesien van etniese en nasionale verskille en wanneer hy saam met almal kan werk om die lewegewende welwese van die aarde wat ons deel te onderhou.

Sisteem 8-denke het so onlangs op die toneel verskyn dat daar nog baie daarvoor geleer moet word. Dit sien die aarde as 'n globale eenheid. Hierdie sisteem ken nie nasionale grense en etniese gebiede nie. Sisteem 8-denke ontken nie die bestaan daarvan nie, maar het eenvoudig groter lojaliteit teenoor die hele menslike ras as teenoor enige spesifieke nasie of etniese groep. Sisteem 8-denkers glo dat die mensdom, indien hulle wil oorleef, eers moet erken hoe onseker lewe in sigself is. Meedoënlose eksploitasie van die ekosfeer kan nie voortgaan sonder om almal te vernietig nie. Sisteem 8-denkers werk vir alliansies wat globaal gesproke daarop gemik is om mens en natuur in harmonie te bring. Dit deins terug van die opvatting dat bestaan 'n blote materiële verskynsel is. Dit sien 'n heelal waarin 'n nie-materiële werklikheid beide die oneindige en die oneindig klein insluit. Sisteem 8-denke benader die werklikheid met 'n respek wat die ontsag en die misterie van sisteem 2-denke weer laat herlewe.

Samevattend kan ons sê dat Hierdie denksisteme intrapersoonlik soos volg manifesteer:

- By geboorte is daar agt sisteme latent in elke mens.
- Hierdie sisteme aktiveer die een na die ander, op verskeie stadiums van bestaan.

- Daar is niemand wat ewe veel op al agt sisteme steun nie en dit word ook nie al agt gelyktydig gebruik nie.
- Van die agt sisteme sal een of twee altyd so sterk wees dat hulle 'n mens se persoonlike lewensuitkyk oorheers.
- Enige sisteem of kombinasie van sisteme kan dominant wees. Die keuse word nie voorgeskryf nie. Daarom verskil dominante sisteme van persoon tot persoon.
- Sisteme verander soos 'n mens deur die verskillende fases van persoonlike ontwikkeling gaan.

Die voorkeur denksisteem van 'n persoon lei verder tot 'n bepaalde lewensuitkyk, d.w.s die manier waarop mense/individue:

- die verstaan van die self definieer;
- die lewe organiseer;
- prioriteite groepeer;
- verhoudings struktureer;
- idees analiseer en
- reageer op verandering en nuwe inisiatiewe.

3 SISTEEMSENSITIEWE LEIERSKAP

Wanneer gepraat word van dominante denksisteme wat verantwoordelik is vir diversiteit in die kerk, word daar nie gepraat van leerstellingsdiversiteit in die streng sin van die woord nie. Dominante denksisteme is nie voorskriftelik oor die inhoud van die menslike denke nie. Dit gaan nie oor *wat* gedink word nie, maar oor *hoe* gedink word. Wanneer lede van 'n bepaalde groep dieselfde dominante denksisteem het, is hulle geneig om kwessies op dieselfde manier te benader. Dit beteken nie dat hulle saamstem oor elke detail nie. Dit beteken bloot dat hulle in terme van styl, metode, en struktuur dieselfde te werk gaan omdat hulle op dieselfde manier na dinge kyk. Dit gee aan die groep 'n natuurlike samehorigheid.

Wanneer dominante sisteme diversifiseer, begin samehorigheid uitrafel. Mense mag steeds oor die 'feite' saamstem (of in geval van 'n kerk, oor die leer) terwyl hulle terselfdertyd wêreld van mekaar verwyderd mag wees oor wat die feite beteken. Verskille oor metodologie kom meer dikwels na vore, maar verskille oor persoonlike voorkeure word in toenemende mate 'n *afleier*. Mense dryf uitmekaar ten opsigte van hulle begrips- en voorstellingswêreld, nie soseer ten opsigte van basiese oortuigings nie. Die kwessie waaroor dit vir mense gaan, is hoe om die oortuiging te 'verpak'. 'n Mens sien dit in gemeentes waar lidmate saamstem oor bepaalde kernwaarhede, maar hewig kan verskil oor hoe die gemeentelike lewe, eredienste, kategese, ensovoorts ingerig moet word.

Die vermoë om samehorigheid in 'n gemeente te handhaaf, hang grootliks af van die gemeente se 'corporate culture' of kerklike etos. Sodra genoeg mense in 'n groep 'n gemeenskaplike dominante denksisteem deel, begin die opvattinge en waardes van die bepaalde denksisteem die groep karakteriseer. Die gevolg is dat die kerk of gemeente na 'n dominante sisteem begin oorleun en dieselfde tendens kan waargeneem word in vergaderings, by onderriggeleenthede, komitees, ens. Dit mag gebeur dat nie elkeen in die groep vanuit dieselfde dominante denksisteem funksioneer nie, maar by die groep sal 'n duidelik omlynde dominante denksisteem onderskei kan word. Die mense wat 'nie inpas nie' is eenvoudig diegene wat nie saamloop met die primêre denksisteem van hulle groep nie.

Die probleem is egter dat kennis van hierdie diversiteit en ondervinding in die hantering van die verskillende sisteme dikwels ontbreek. Daar moet vir hierdie situasie letterlik nuwe reëls vir leierskap uitgewerk word. Omdat die leerkurwe ten opsigte van die hantering van verskillende sisteme nog maar pas begin het, beleef instellings oor die breë spektrum (die kerk ingesluit) toenemende spanning en polarisasie. Dit is hoekom iets soos sisteem-sensitiewe leierskap so noodsaaklik geword het. Om wanorde te voorkom, moet kerke die nuwe sisteme in harmonie bring met dié wat lank reeds bestaan. Leiers moet leer om gesonde vennootskappe te handhaaf tussen die mededingende sisteme, terwyl hulle in gedagte hou dat elke sisteem unieke sterk punte het waaruit geput kan word. Dit vra dus na 'n styl van leierskap wat nie vervreem nie, maar verwelkom. Leiers het in sulke omstandighede die genade nodig om te kan liefhê, te kan luister, diversiteit as 'n rykdom te sien en pluralisme as 'n bron van kreatiewe moontlikhede vir nuwe visies te benut. .

Die vermoë om hierdie dinamika te herken en te verstaan, is van wesenlike belang vir sisteemsensitiewe leierskap. Hoe belangrik dit is om hierdie dinamika te herken en te verstaan, word gesien uit die feit dat gemeentes bestaan uit lidmate wat uit die aard van hulle herkoms 'n variasie van dominante sisteme verteenwoordig. Elke sisteem het sy eie beskouing van hoe 'n kerk (gemeente) behoort te funksioneer, hoe die erediens ingerig moet word en so meer. Verder het elke sisteem 'n sonderlinge styl van hoe geloof uitgeleef word. Wanneer hierdie verskille geïgnoreer word of as van minder belang afgemaak word, gee dit aanleiding tot ontevredenheid en verdeeldheid. Dit beteken dat kerkleiers elke sisteem se besondere benadering van die Christelike geloof sal moet verstaan. Sisteemsensitiewe leierskap vra na verskeidenheid in bedieningstyl en na 'n buigbare bedieningstruktuur. Hierdie veelsydigheid is nodig omdat prioriteite en dit wat mense motiveer van sisteem tot sisteem verskil. Indien mense nie deur dieselfde dinge gemotiveer word nie, moet daar nie gepoog word om alle mense op dieselfde wyse te hanteer nie.

Sisteemsensitiewe leiers is versigtig om mense wat werklike moeilikheidmakers is te onderskei van diegene wie se dominante denksisteem hulle in botsing bring met die res van die groep. Die funksie van leierskap is om 'n korporatiewe klimaat te kweek waarin die waardes van die verskillende sisteme nie slegs erken word nie, maar waarin hulle ook geleentheid gebied word om hulleself opbouend te kan uitdruk. Wat dikwels gebeur, is dat die korporatiewe kultuur so onbuigbaar is dat dit nie ruimte skep vir die minderheidsisteme in sy midde nie. Hierdie minderheidsisteme het dan slegs die keuse van stilbly of loop. Sisteemsensitiewe leierskap se krag lê dus daarin om diversiteit te gebruik volgens die bedoeling van God. As gevolg van sulke leiers se sisteem-perspektief het hulle 'n unieke begrip van die rede waarom mense verskil en hoe dit mense se lewensuitkyk raak. Hulle het ook begrip vir die feit dat elke tipe uitkyk iets spesiaals vir die koninkryk van God bied.

Boustene vir sisteem-sensitiewe leierskap in 'n multisisteemkerk

Een ding is seker, 'n mens kan nie verwag dat dinge in 'n multisisteemkerk vanself moet gebeur nie. Daar vier boustene waarop sisteem-sensitiewe leierskap gebou word:

- Ontwikkel 'n gees van verdraagsaamheid in die hele gemeente.
- Handhaaf terugvoering in die besluitnemingsproses.
- Beoefen sisteemsensitiewe sonder om sisteemterminologie te gebruik.
- Neem die praktyk van visievorming in die gemeente ernstig op.

Bogenoemde vier beginsels is wesenlik vir leierskap in 'n multisisteemgemeente. Wanneer op hierdie boustone gebou word, sal leiers noukeurig daarop let dat iets soos Bybelstudie in die gemeente op 'n besondere basis ingerig word. Daar sal deeglik kennis geneem word van die verskillende behoeftes en uitgangspunte van die verskillende sisteme. 'n Sisteem-sensitiewe leier, veral die predikant, sal buitengewone moeite moet doen om ten opsigte van elke spesifieke sisteem bepaalde woorde te gebruik. Woordkeuse is van kritiese belang, omdat elke modaliteit spesifieke terme het wat die aandag vasvang. Dit geld nie alleen sake soos Skrifbeskouing, die prediking, die gebruik van metafore nie, maar ook die opstel van nuusbriewe en so meer.

Leiers wat die sisteemsensitiewe benadering volg, sal nie net daarop bedag wees om hulleself op hoogte te bring met die aard, voorkeure en afkeure van elke denksisteem nie, maar hulle sal óók daarop bedag wees om die verskillende sisteme te begelei om hulleself te verstaan. Sodoende kan die verskillende denksisteme gelei en benut word om tot eer van God saam te werk aan die opbou van die gemeente.

Opdrag:

- 1 Vanweë die omvang van hierdie inhoudstuk word dit aanbeveel dat deelnemers aan hierdie gesprek genoeg vooraf tyd sal gebruik om die inhoud te bestudeer. Tydens die besprekingsgeleentheid sal dit goed wees as die gespreksleier die eie aard van die verskillende denksisteme met enkele begrippe sal saamvat met die oog op die tweede deel van hierdie opdrag.
- 2 Denksisteme kom, soos in die samelewing, in elke gemeente voor. Dit beteken dat mense van mekaar sal verskil in hoe hulle oor 'n saak dink, voel en handel. Die voorkeur denk- en leefpatroon wissel ook in elke persoon na gelang van sy of haar lewensomstandighede. In 'n tyd van krisisbewing sal 'n persoon meer ingestem wees op basiese oorlewing. **Bespreek die volgende vrae nadat deelnemers die geleentheid gehad het om na te dink oor sy/haar eie voorkeur denksisteem op hierdie stadium van sy/haar lewe:**
 - Hoe manifesteer hierdie diversiteit van denke in die gemeente?
 - Is daar dalk 'n dominante denkpatroon wat kenmerkend is van die gemeente?
 - Watter eise stel hierdie diversiteit van denke in ons gemeente aan leierskap? Slaag ons daarin om dit akkommodeer in die beoefening van leierskap in die gemeente?
 - Watter impak het dit op die aard en gerigtheid van gemeentelike bedieninge en hoe sal dit in die bedieningsplan verdiskonteer moet word?

MODULE 3.3

DINAMIKA VAN DIE GEMEENTE: SPIRITUALITEITSTIPES

DOELSTELLING:

Om begrip te toon vir die diversiteit van spiritualiteit in die gemeente en dit te begelei binne die klimaat van 'n Hervormde etos of spiritualiteit

LEERGELEENTHEID:

(Die fasilitering van hierdie leergeleentheid is nog nie goed genoeg bedink nie)

KERNINHOUD:

- 1 Spiritualiteit – God se teenwoordigheid en die praktyk van ‘n lewe voor die aangesig van God
- 2 Ons leef saam met ander gelowiges voor God – begrip en benutting van diversiteit
- 3 Spiritualiteitsontwikkeling in die gemeente

OM NABY GOD EN MET MEKAAR TE LEEF**1 WAT IS SPIRITUALITEIT?**

Die manier waarop ‘n mens in verhouding met God leef, staan bekend as daardie mens of geloofsgemeenskap se spiritualiteit, dit wil sê die geestelike lewenshouding van ‘n mens. Dit gaan oor hoe ‘n mens oor God dink, hoe jy God se teenwoordigheid in jou lewe beleef, hoe jy persoonlik met God omgaan, saam met God leef. Wanneer ons oor spiritualiteit praat, staan ons ook by die hart van die kerklike bediening. ‘n Christelike geloofsgemeenskap se lewe en getuigenis staan of val by die vraag in watter mate hulle werklik in hulle gemeentelike lewe besig is met die lewende God.

Die gesprek oor spiritualiteit, spiritualiteitstipes en die ontwikkeling van gemeentelike spiritualiteit moet met groot nederigheid of beskeidenheid gevoer word. Ons sal altyd moet onthou dat God te groot is om selfs ons verstaan van God se teenwoordigheid in ons lewe en ons “wandel met God” (individuele en gemeentelike spiritualiteit) al te maklik in definisies te probeer vasvat of in terme van tipes te beskryf. God is immers die Gans Andere en in wese kan die lewe met God nie werklik geformaliseer word nie. Al kan ons dit hoe goed beskryf en doelbewus werk aan die verdieping van spiritualiteit in ons eie lewe en die van die gemeente, is dit in die laaste instansie in die hand van God. Dit is immers God wat ons roep om deur God se liefde en genade in verhouding met God te leef. Ons sal altyd met bepaalde beskeidenheid en huiwering oor God en ons verhouding met God moet praat en ons mense op hierdie pad moet begelei. ‘n *Coram Deo*-houding van afhanklikheid en beskeidenheid is die basiese spiritualiteitshouding wat instrumenteel is tot

- die vorming van Christelike waardes soos deemoed, egtheid, nederigheid, diensbaarheid
- die vorming van ‘n kerklike etos en bedieningstyl
- die vorming van strategieë vir spiritualiteitsverdieping en akkommodering van verskillende spiritualiteitstipes in die gemeente.

Dit is verder nodig om te weet dat die teenwoordigheid van God nie altyd noodwendig en presies saamval met die heilsmiddele soos die Woord en sakramente, die amp en simbole nie. Wanneer God se teenwoordigheid te direk verbind aan die fisiese teenwoordigheid van die middele, loop ons die gevaar dat dit so vanselfsprekend word dat dit ‘n vormgodsdienst tot gevolg kan hê. Aan die ander kant is God se teenwoordigheid ook nie los te maak van die heilsmiddele nie, want dan loop ons die gevaar van uiterste (en onkontroleerbare) subjektiwiteit in mense se ervaring van God. Die regte weg is waarskynlik dat ons vashou aan die waarheid dat God in ons lewe en midde in die gemeente teenwoordig is deur die heilsmiddele, maar dat dit nie as vanselfsprekend aanvaar en ervaar kan word nie – dit is ‘n saak wat in gebed, afhanklikheid en groot nederigheid benader moet word.

2 PERSOONLIKE SPIRITUALITEIT

Om met God te wandel is ‘n roeping. God nooi jou om saam met God te op koers te gaan, maar dit is ook ‘n keuse wat jy moet maak. Jy kan besluit *of jy en hoe jy met God wil*

saamloop. Om met God te wandel is nie maar 'n uitstappie wat jy so terloops aanpak nie. Jy moet *besluit* of jy dit gaan doen en hoe jy dit gaan doen. Hierdie besluit staan nie los van ons eie menslikheid en die geloofsomgewing waarbinne ons groot geword het nie.

Waarskynlik het ons almal 'n paar staplesse nodig – oor hoe om met God in pas te bly 'n Mens kan baie maklik met God uit pas raak. Soms raak ons agter by God, of ons probeer God vooruitloop, en dikwels wil ons vir God wegloop. Dit is net Godsgenade om so te kan stap dat jy in pas bly met God. Ons hoop om iets hiervan te ervaar gedurende hierdie naweek.

Mense se manier van met God saamstap verskil, want ons is verskillende mense met verskillende sosiale en kerklike agtergronde. Ons Godsbelevens verskil. Elkeen het sy of haar eie manier van saamstap met God – miskien ewe flink, dalk 'n hinkstappie, self 'n danspassie ... en soms sleepvoet. Ons sal moet leer om ons eie manier van saamloop te verstaan en dit te verryk deur dieper insig in te bekom oor wat dit beteken om bewustelik naby God, voor God en saam met God te leef. Ons sal ook begrip moet ontwikkel vir die feit dat ander mense God se teenwoordigheid in hulle lewens op hulle manier beleef en daarom op 'n eie bepaalde manier met God saamstap. Dit kan net verrykend vir onself en vir die gemeente wees as ons dit verstaan en ook ruimte vir mekaar bied – dan kan ons almal saamstap saam met God. Ons hoop dat jy hierdie naweek ook iets hiervan sal ervaar.

Om naby God te leef, saam met God te stap, is om God se voetval mooi dop te hou, en te leer om met God in pas te wees. Kom ons doen dit op die voetspoor van gelowiges uit die outyd wat die vreugde en geborgenheid van saamloop met God ervaar het.

SOOS HENOG.....

Henog het naby God geleef En toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem. (Gen 5:21-24)

Die Christendom is, vanaf Jesus se koms gereken, sowat 2000 jaar oud. Voor sy koms was dit ongeveer nog 2000 jaar terug na Abraham. Presies hoe lank dit nog verder terug was tot by Henog, weet ons nie presies nie. Hy was 'n man van lank, lank gelede. Tog was hy 'n man wie se manier van lewe voor God vir God aanneemlik was – op sy grafsteen het net gestaan *Gebore* Sy manier van lewe voor God gryp tot vandag toe nog mense aan en het die ideaal geword vir baie gelowiges.

Wat kan ons by Henog leer?

.....

EN ABRAHAM

Die Here het vir Abraham gesê: 'Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat ek jou sal aanwys' (Genesis 12:1)

Abraham het geantwoord: 'My seun, God sal sy eie offerlam voorsien'. Daarna het hulle twee saam verder gestap. (Genesis 22:8)

By Abraham leer ons dat saamloop met God 'n pad van toewyding en volkome Godsvertroue moet wees – juis wanneer die onbekende voor ons lê of wanneer ons verhouding met God tot breekpunt getoets word. Al die vrae wat deur die eeue heen in mense se gedagtes opgekom het oor God, het hy sekerlik beleef:

Wat nou as ek voel asof ek in 'n doodloopstraat beland het.....? Wat is God se plan met my? Hoe kan 'n God van liefde? Waar is God dan nou..... ?

Maar Abraham loop onverskrokke agter God aan met 'n geloofsbelydenis in sy hart en op sy lippe. Hy het seker sy afdae gehad, maar hy het in God se skaduwee bly loop.

As ek maar soos Abraham met God kon wandel

EN DAWID

Wat onthou jy van Dawid se lewensverhaal

.....

Wat leer jy by Dawid oor jy eie saamloop met God?

.....

3 VERSKILLENDE SPIRITUALITEITE

Wat is “die” regte manier van saamloop met God?

Daar is nie “n” of regte of enigste manier nie. Die aard van 'n mens se verhouding met ander mense word in 'n groot mate deur jou karakter bepaal. Jou eie aard druk 'n stempel af op jou verhoudings met ander. As jy uiteraard 'n haastige en rustelose mens is, sal jou verhoudinge ook 'n stormagtige kwaliteit hê. As jy rustig en diepsinnig is, sal jy daardie soort kwaliteit in die verhouding indra.

Dit geld ook ons verhouding met God. Op grond van mense se geaardhede, hoe hulle groot geword het en in watter tipe geloofsgemeenskap dit gebeur het, beleef mense hulle saamloop met God. Vergelyk die manier waarop Martha en Maria hulle verhouding met mense en met Jesus beleef het, en let op die effek wat dit op hulle verhouding met mekaar het. (Lukas 10:38-42).

- Kan jy aan voorbeelde hiervan in jou verhoudinge met ander mense dink?
- Hoe vergelyk die Godsbeleving wat in die algemeen in ons gemeente heers met ander gemeentes van die Kerk of kerke waarmee jy al in aanraking was?

Laat ons eers dink

Daar is mense met kopspiritualiteit. Hulle is die wat alles rasioneel wil verklaar. Ook in hulle geloofslawe beredeneer hulle alles en soek logiese verklarings. Alles, ook in die kerk soos bv die eredienste, moet in vaste bane geskied, ordelik wees en vir intuïtieweit is hulle nie te vinde nie. Tradisies word nie bevraagteken nie. Hulle lees ernstige literatuur, bestudeer die Bybel en belydenisskrifte, want kennis is belangrik, en verkies weldeurdagte prediking en 'n argumentatiewe kommunikasie styl.

Harte wat warm klop


Ervaring is vir hartspiritualiteite belangriker as kennis – hulle wil meer spontaan en onbevange aan hulle geloofslawe uiting gee en is meestal meer emosioneel van aard en mensgerig. Vaste reëls en gebruike is nie vir hulle nie. Eredienste moet ruim voorsiening maak vir lofprijsing en aanbidding, persoonlike deelname aan die liturgie en gespreksituasies. Hulle is dikwels ook nie baie denominasioneel gebonde nie.

Binnekant toe leef

Hierdie gelowiges het 'n behoefte aan stilte en meditasie, hulle geloof word versterk deur simbole en rituele en hulle beleef die misterie van geloof en van God baie sterk.

Doen mense

Christenwees is vir hierdie gelowiges ‘n daad- eerder as woordbelydenis. Hulle het deernis vir mense in nood, is altyd bereid om te help. Hulle het nie veel erg aan vergaderings en redenasies nie. Daar moet lewe wees, ander verloor hulle belangstelling



- *Waar pas jy in? Hoe leef jy voor God (coram Deo) en in diens van God (missio Dei)*
- *Wat sou die positiewe bydrae wees van hierdie verskillende spiritualiteite in die lewe van die gemeente?*
- *Watter rooiligte kan vir die gemeente begin flikker by eensydige uitlewing of bevordering van net ‘n bepaalde spiritualiteit?*

3 SPIRITUALITEITSONTWIKKELING IN DIE GEMEENTE

Gemeentelike bediening wat op God en die missio Dei fokus, gaan in die eerste plek van gemeentelike leierskap vra om die gelowiges voortdurend te herinner aan die teenwoordigheid van God by sy mense op aarde. God se teenwoordigheid is ‘n werklikheid wat bestaan en hoef nie deur spiritualiteitsvorming bewerk te word nie, maar ons taak is om mense te herinner aan iets wat jy maklik vergeet of daarby verbyleef in die gejaag van die lewe. Mense se oë en harte moet weer gerig word op die werklikheid van God se teenwoordigheid in hulle lewens en dit vra om met ‘n geloofsoog te kyk en om voortdurend in ‘n leer- of groeiproses begelei te word.

MODULE 3.4

DIE DINAMIKA VAN DIE GEMEENTE: GEMEENTEBESTUUR EN KERNWAARDES

DOELSTELLING:

Om gemeentelike bestuur as ‘n prakties-teologiese proses te verstaan en te besin oor die daarstelling van kernwaardes vir bestuur en bediening

LEERGELEENTHEID:

- 1 Deelnemers evalueer die gemeentelike bestuursprosesse en strukture
- 2 Besin oor die evaluering en/of die daarstelling van kernwaardes vir bestuur en bediening

KERNINHOUD

- 1 Gemeentebestuur as proses
- 2 Evaluering van die gemeentelike bestuursproses
- 3 Kernwaardes vir bestuur en bediening

1 GEMEENTEBESTUUR AS PROSES

Dit gebeur dikwels dat nie net die bestuursproses van 'n gemeente nie, maar ook die gemeente-ontwikkelingsprosesse vasval. Die volgende grondliggende faktore dra meestal daartoe by:

- Daar word net op strukturele aanpassings gefokus, sonder om te besin oor die identiteit of roeping van die gemeente
- Leierskap wou met die proses strukture en mense verander sonder om self bereid te wees om aanpassings te maak
- Strukturele aanpassings word gemaak sonder om aan verhoudinge tussen mense te bou
- Die visie is te vaag en algemeen en
- dit word net vertaal word as take en doelwitte sonder om dit verstaan en te bestuur as 'n geestelike proses (Die kernvraag behoort te wees: "Wat is die Here tans besig om in ons gemeente te doen en wat is die pad wat ons saam met die Here moet loop?")
- 'n Gebrek aan geduld en begrip vir die feit dat mense vanuit verskillende denksisteme opereer
- Die feit dat *konflik mag en harmonie kan*, nie by voorbaat verreken en hanteer word nie.
- Eie agendas en vooroordele wek agterdog en negatiwiteit.
- Mense wat van huis uit 'n negatiewe ingesteldheid het

Om die proses van gemeentelike bestuur en begeleiding binne die konteks van 'n basisteorie vir die gemeente en gemeente-ontwikkeling te plaas, word die volgende as vertrekpunte geneem:

Gemeente-ontwikkeling is 'n doelgerigte en dinamiese proses om die gemeente te begelei en te bemagtig tot 'n lewe in gehoorsaamheid voor God (*coram deo*) en 'n lewe in diens van God (*missio Dei*).

Gemeentebestuur is om die visie van die gemeente te realiseer. Die **visie** vir 'n gemeente word gebore uit die kreatiewe proses wat plaasvind in die gesprek tussen die storie van die gemeente (identiteit) en die nood van die wêreld (konteks). 'n Hoopvolle prentjie van 'n nuwe gemeenskap kan 'n gemeente so aangryp dat hulle 'n verbintenis maak om deur hulle dienswerk, gawes en middele, die visie waar te maak. Gemeentebestuur is daarom nie 'n grootheid op sigself nie, maar 'n **proessaak** in die proses van gemeente-ontwikkeling. Gemeentebestuur is die proses om die visie te formuleer, te implementeer en die bediening wat daaruit voortvloei te beskryf, te begelei en te koördineer.

Drie **fasette** van hierdie bestuursproses word onderskei en vloei oor in 'n vierde faset, naamlik bediening:

- **Besluitneming**: dit is evaluering van die situasie en die keuse van die beste oplossing om tot finale formulering en besluit te kom

- **Mobilisering:** dit is die daarstelling van prosesse en strategieë vir die implementering van besluite, asook funksies soos kommunikasie, motivering en bemagtiging van mense, doelwitbestuur, begrotingsbeheer, koördinerende en kontrolerende van die strategie
- **Transformerende:** dit is die strategiese en daadwerklike implementering van die visie deur die verskillende geloofshandeling en bediening van die gemeente onder leiding van die gemeentelike leierskap
- **Bediening:** dit is die uitleef van die visie en missie van die gemeente deur die handeling van die gelowiges tot eer van God en die heil van mense.

Boustene van die proses van gemeentebestuur is

- 'n duidelike visie en missie
- 'n gedeelde waardesisteem
- konkrete en realistiese doelwitte
- effektiewe bestuursprosedures en -strukture
- duidelikheid oor rolle en funksies van die bestuurspan en
- oop effektiewe kommunikasie vir deelname aan besluitneming en terugvoering in sake uitvoering van besluite en verloop van aksies

2 EVALUERING VAN DIE GEMEENTELIKE BESTUURSPROSES

2.1 Doelgerigtheid

- | | | |
|-------|--|-----------|
| 2.1.1 | Bestaan daar duidelikheid by die leierskorps oor | |
| | • wat God se doel is met sy kerk | 0 1 2 3 4 |
| | • waarheen die Here met ons gemeente op pad is? | 0 1 2 3 4 |
| | • hoe die Here ons wil gebruik om sy koninkryk te laat kom? | 0 1 2 3 4 |
| 2.1.2 | Het die gemeente 'n duidelik <i>geformuleerde</i> visie en missie? | 0 1 2 3 4 |
| 2.1.3 | Is die visie van die gemeente | |
| | • eie aan die gemeente en hou dit rekening met die konteks van die gemeente? | 0 1 2 3 4 |
| | • aanvaarbaar vir die meerderheid van die gemeentelede? | 0 1 2 3 4 |
| | • skeep die visie 'n positiewe gevoel van selfwaarde by die gemeente? | 0 1 2 3 4 |
| | • is die visie realisties? | 0 1 2 3 4 |
| | • is die visie toekomsgerig? | 0 1 2 3 4 |
| 2.1.4 | Is die missie van die gemeente omskryf | |
| | • vanuit die kernfunksie (teologiese fokus) van kerkwees? | 0 1 2 3 4 |
| | • in terme van dit wat gedoen moet word? | 0 1 2 3 4 |
| | • vir wie dit gedoen word? | 0 1 2 3 4 |
| | • waarom dit gedoen word? | 0 1 2 3 4 |
| | • hoe dit gedoen word? | 0 1 2 3 4 |
| | • Is dit realisties en uitvoerbaar? | 0 1 2 3 4 |

2.2 Bestuursrolle en interpersoonlike verhoudinge

- | | | |
|-------|---|-----------|
| 2.2.1 | Is die rolle van die lede van die bestuurspan uitgeklaar? | 0 1 2 3 4 |
| 2.2.2 | Bestaan daar duidelike taakomsrywings vir funksionariese? | 0 1 2 3 4 |
| 2.2.3 | Is die spanlede toegerus om die spesifieke rol en taak te vervul? | 0 1 2 3 4 |

2.2.4	Hoe toegewyd is die spanlede?	0	1	2	3	4
	3 4					
2.2.5	Word die rol van die predikant primêr gesien as					
	• Leier – om die kerkraad en gemeente te help om met die regte dinge besig te wees? (Visionering, energering, motivering)	0	1	2	3	4
	• Bestuurder – om toe te sien dat die dinge waarmee die gemeente besig is reg bedryf word?	0	1	2	3	4
	• In watter mate word die predikant verantwoordelik gehou vir bestuur?	0	1	2	3	4
2.2.5	Is die regte mense betrek by die besluitnemingsproses					
2.3.6	Is daar net 'n klein groepie wat by alles betrek is?	0	1	2	3	4
2.3.7	Word leiers (ampsdraers en funksionariese) volgens hulle gawes benut?	0	1	2	3	4
2.3.8	Is kerkraadslede toegerus vir hulle bediening in hierdie verband?	0	1	2	3	4
2.3.9	Hoe betrokke is die gemeentelide by die bestuur van die gemeente?	0	1	2	3	4
2.3.10	Word lidmate volgens hulle gawes benut t.o.v. bestuur?	0	1	2	3	4
2.3	Bestuursstrukture en -prosedures					
2.3.1	Vertoon die besluitnemingsproses 'n geestelike karakter van nadenke in die teenwoordigheid van God, nederige luister na God en gehoorsaamheid aan sy Woord?	0	1	2	3	4
2.3.2	Is die betrokke bestuurstruktuur van die gemeente toepaslik in terme van die dinamika van grootte van die gemeente?	0	1	2	3	4
2.3.3	Is die besluitnemingsproses gefokus op konsensus?	0	1	2	3	4
2.3.4	Hoedanig hou die besluitnemingsproses rekening met insette vanaf grondvlak?	0	1	2	3	4
2.3.5	Hoe effektief funksioneer die komponent van mobilisering in die bestuursproses?	0	1	2	3	4
2.3.6	Hoe effektief is die bestuursmeganismes om die uitvoering van besluite te begelei? (Word gesorg vir die formulering van strategieë proses, toedeling verantwoordelikheid en kontrole?)	0	1	2	3	4
2.3.8	Hoe effektief is die kommunikasie vanaf die kerkraad na die gemeente?	0	1	2	3	4

2 KERNWAARDES VIR BESTUUR EN BEDIENING

Kernwaardes beskryf die norme en styl waarvolgens die gemeente bestuur en bediening verrig word met die oog op die verwesenliking van die visie en missie. Die teologiese onderbou van kernwaardes vir prosesse is van belang om te verseker dat in die bestuursmodel en bedieningspraktyk van die gemeente, getrou gebly word aan die unieke aard van kerkwees en die Bybelse roeping en opdrag. Die gevaar bestaan dat veral wat bestuur betref, verval kan word in 'n suiwer besigheidsmodel. Kernwaardes vir gemeentelike bestuur is die maatstaf waaraan alle bestuurswerk getoets moet word. Dit is die kompas waaraan keuses en optrede getoets word om seker te maak dat die proses nog op koers is (missie) op pad na die eindpunt (visie). As kernwaardes vir die *bestuursproses* kan die volgende as moontlikheid geld.

Besluitneming:

- Ons weet dat ons in die teenwoordigheid van God (coram Deo) en in diens van God (missio Dei) leef en werk en daarom van God afhanklik is vir ons besluite en handeling. Ons struktureer ons besluitneming so dat ons voortdurend na God luister.
- Ons gee voortdurend aandag aan die evaulering van ons visie en missie in die lig wat ons uit die Woord deur Heilige Gees van God ontvang.
- Ons werk in die gemeente en die Kerk en neem dus ons besluite ooreenkomstig die roeping en etos van die Kerk en die bedieningsbehoefte wat bestaan.
- Ons is sensitief vir die behoeftes van mense in 'n veranderende samelewing en neem dus ons besluite insake diens aan die gemeenskap ooreenkomstig ons verstaan van die missionêre roeping van die kerk in die samelewing, binne die konteks van ons vermoë en Kerklike etos.
- Ons beplanning en besluitneming is ten alle tye deursigtig terwyl ons streef na konsensusbesluitneming om sodoende by die Vergaderings van die Ampte en Gemeente die hoogste mate van betrokkenheid by besluitneming en gemaklikheid met besluite te bewerk.
- Ons uitgangspunt is dat die betrokke Vergaderings van die Ampte ten opsigte van die visie en missie, asook die bediening en bestuur van die gemeente, die finale besluitnemingsgesag het.
- Ons onderwerp ons aan die besluitnemingsgesag van die Vergaderings van die Ampte op gemeentelike vlak sowel as die Bykomende Vergaderings Van die Kerk ooreenkomstig die Kerkorde..

Mobilisering

- Ons werk aan die hand van 'n deurdagte, effektiewe bedienings- en bestuursplan wat gereeld geëvalueer en hersien word.
- Ons sorg dat effektiewe prosesse en strategieë vir visionering, beplanning, mobilisering, finansiële en administratiewe bestuur, kommunikasie en bemarking in plek is en benut word.
- Ons sien toe dat die Vergaderings van die Ampte, ampsdraers en funksionaris se oor duidelike taakomsrywings en kritiese prestasie areas beskrywings beskik (ooreenkomstig die Kerkorde en soos nodig vir die gemeentelike bediening)
- asook spesifieke doelwitte vir besondere opdragte en daarvolgens funksioneer en
- gekontroleer word.
- Ons benut die kennis en vaardighede van mense in die gemeente

Transformasie

- Ons bemagtig ampsdraers lidmate vir hulle dienswerk ooreenkomstig die gawes wat God aan hulle gegee het in samehang met persoonlike passie en styl
- Ons hou deeglik rekening met dinamika van verandering en begelei mense op hierdie pad
- Ons verstaan en hanteer konflik as 'n kreatiewe groeigeleentheid

Bediening

- Ons strewe na uitnemendheid in ons diens aan God en mekaar
- Ons lewer diens tot opbou en uitbou van die Kerk en die Koninkryk van God. Die gemeente word begelei
 - * tot egte aanbidding, lof en dank
 - * tot betuiging / verkondiging van die evangelie met die Woord sentraal in die prediking, persoonlike getuieis en georganiseerde evangelisasiebediening
 - * tot onderlinge geestelike sorg en opbou as gemeenskap van gelowiges, asook deur die ampte
 - * tot konkrete dienslewering om sigbaar gestalte te gee aan die liefde van God vir die

wêreld

- * tot onderrig in die Woord en Leer van die kerk met die oog op geloofsopbou en lewensvorming
- Ons lewer diens aan die gemeenskap vanuit 'n missionêre perspektief binne die konteks van die teologie en etos van die Hervormde Kerk, asook ons vermoë.
- Ons glo in die potensiaal van die gemeente omdat ons oortuig is dat God self die gawes soos wat die gemeente dit nodig het, in die gemeente deur God se Gees gee

MODULE 4

RIGLYNE VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

DOELSTELLING:

Om aan die hand van praktiese riglyne vir die uitbouing van die bediening van die gemeente, 'n bedieningsplan en strategie vir die gemeente saam te stel

LEERGELEENTHEID:

Praktiese werksessie

KERNINHOUD

Die toepaslike inhoude en riglyne word tydens so 'n werksessie gegeneer en gekonkretiseer. Praktiese riglyne vir die sessie word voorsien

MODULE 4.1

RIGLYNE VIR BEDIENINGSONTWIKKELING / GEMEENTEVERNUWING: Die geloofshandeling van die gemeente

DOELSTELLING:

Om vanuit 'n praktykteorie vir gemeentevernuwing riglyne te bied vir die ontwikkeling van gemeentelike bediening

LEERGELEENTHEID:

Praktiese werksessies

KERNINHOUD

'N PRAKTYKTEORIE VIR GEMEENTEVERNUWING EN BEDIENINGSONTWIKKELING

1 Vernuwing: Bybelse perspektiewe

Die vernuwing of ontwikkeling tot groei van die gemeente as geloofsgemeenskap, is 'n sentrale saak in die Bybel. Terwyl dit vir die doel van dit waarmee ons hier besig is nie nodig is om in detail daarop in te gaan nie, moet ons egter kennis neem van die basiese motiewe wat ons in hierdie verband in die Skrif vind. Die volgende perspektiewe kan aangewys word as teologiese uitgangspunte vir gemeentevernuwing:

Vernuwing of opbou van die gemeente is 'n staande Bybelse opdrag

Reeds in die Ou Testamentiese geskrifte breek die motief vir vernuwing op opbou van die geloofsgemeenskap deur. Ons vind dit nie net in geskrifte soos Esra en Nehemia nie, maar ook in die ander profetiese literatuur en geskiedwerke. Hierdie geskiedwerke is nie maar saamgestel ter wille van akademies-historiese oorwegings nie, maar dit pleit vir hervorming en vernuwing van die volk van God.

Die Nuwe Testamentiese briewe waarvan die meeste gerig is aan spesifieke gemeentes, wil juis die gemeentes herinner aan hulle doel as gemeentes van Christus en hulle aanspoor om al hoe meer te word wat hulle reeds is. Op grond van navorsing in hierdie verband bestaan die moontlikheid dat geloofsgemeenskappe met hulle eie probleme en worstelinge agter die evangelies I bestaan die moontlikheid dat geloofsgemeenskappe met hulle eie probleme en worstelinge agter die evangelies lê. Die oorvertel van die Jesus-verhaal moes geloofsgemeenskappe help om die bedoeling van hulle Heer met hulle duidelik te kan sien en hulle lewens in lyn daarmee te bring. Die boek Handelingte vertel by uitstek die verhaal van die groei van en problematiek in die eerste gemeentes. Vergelyk ook die gerigtheid van die Openbaringboek op die vernuwing van die geloofsgemeenskap – eksplisiet in die sewe briewe aan die sewe gemeentes, asook in die apokaliptiese hoofdeel van die boek.

Ons kan dus sê dat die Bybel vol is van verhale, briewe, preke wat ons laat besef dat ons nie maar tevrede kan wees en te mag wees met die staande toestand van die kerk nie. Dit wil ons juis oproep om in die Naam van die Here alles in ons vermoë te doen om die geloofsgemeenskap al hoe meer in lyn met die wil en plan van God te bring.

Vernuwing is die werk van God die Heilige Gees

As die Here nie werksaam is in prosesse met die oog op gemeentevernuwing nie, sal dit nooit kan slaag nie. Dit is uiteindelik net God wat deur sy Gees die doodsbeendende van die geloofsgemeenskap kan vernuwe en laat herleef (vgl Esegïel 37). Die boek Handelingte is in besonder die verhaal van hoe die Gees mense in diens neem in die proses van kerk-wees. Christus open deur sy kruis en opstanding die weg na ware gelowige wees en die Heilige Gees neem die gelowiges aan die hand op hierdie weg wat uitkring tot die lewe en werk van die geloofsgemeenskap.

Ons sal dus nooit oor gemeentewerk of vernuwing kan praat in dieselfde terme as van die ontwikkeling van organisasies nie. Teorieë vir die ontwikkeling en transformasie van organisasies werk die uitgangspunt dat as motivering en insentiewe reg is, mense self die organisasie kan verander. 'n Praktykteorie vir gemeentewerk kan wel baie leer uit hierdie teorieë, maar moet altyd rekening hou met die unieke aard van gemeente en ons afhanklikheid van God en sy Gees in al ons pogings tot opbou van die gemeente.

Vernuwing is nie moontlik sonder gehoorsaamheid en dissipelskap nie

Die Heilige Gees skakel mense in by die werk van God in sy kerk en in die wêreld. Ons kan in die nadenke oor gemeentevernuwing nie genoeg daarmee rekening hou nie dat Gees gewoonlik nie gemeentes vernuwe buite om die menslike geloof, gehoorsaamheid aan die Woord en dissipelskap nie.

2 Die weg van gemeentewerk en –vernuwing

2.1 Leitourgia: Lof, dank en aanbidding as geloofshandeling van die gemeente

Die kern van die gemeente se identiteit bestaan daaraan dat die gelowiges in 'n lewende verhouding met die Drie-enige God staan wat deur die liefde en genade van God geskep en deur die Woord en Gees in stand gehou word. Die liturgiese diens van die gemeente (leitourgia) is die menslike vorm waarbinne ons in die verhouding leef. Sonder om hier breedvoerig daarop in te gaan, kan gestel word dat die Griekse begrip *leitourgia* ontwikkel het tot 'n tegniese term vir al die

aanbiddingsaktiwiteit van die gemeente. Die term moet dus verstaan en gebruik word as koepelbegrip vir al die persoonlike en gemeentelike bedieningsaktiwiteit.

Die klassieke vorm waarin ons egter die begrip ken is die *erediens*, of dalk nog enger, die *liturgie van die erediens*. Laasgenoemde dui dan hoofsaaklik op die verloop van die erediens in terme van die grondstruktuur daarvan wat in die reformatoriese tradisie as dialogies gekwalifiseer word. Die Bybel leer ook dat aanbidding en lof meer is as dit wat in formele liturgiese samekomste plaasvind. Leitourgia moet vanuit die erediens, die lewe ingeneem word (Rom 12:1-2). Die liturgiese diens van die gemeente moet uitloop op 'n lewe van lof en aanbidding. Leiturgia as geloofshandeling van die gemeente sluit ook die daaglikse praktisering van die teenwoordigheid van God in die lewe van gelowiges wat moet uitmond in 'n lewe van lof, dank en aanbidding. Die rykdom van die liturgiese viering en aanbidding in die erediens en die lewe van die gelowiges moet herontdek word.

Die lidmate sal toegerus en begelei moet word

- *om opnuut bewus te raak van God se teenwoordigheid in die erediens en die daaglikse praktyk van hulle lewens*: Vir betekenisvolle gemeenskap met God, waaruit egte lof en aanbidding gebore word, het 'n mens tyd en stilte nodig om bewus te raak van God se teenwoordigheid. Dalk bied die praktyk van die gemeentelike erediens te min tyd en geleentheid hiervoor. Let maar op die snelle wisseling van votum en seëngroet, lof en skuldbelydenis, asof die eintlike bestemming die asem-skep geleentheid tydens die prediking is. Meer aandag behoort tydens die aanvang en eerste deel van die erediens gegee te word aan die bewuswording van God se heilige en seënende teenwoordigheid.
- *om telkens die groot daade van God in herinnering te roep en verwonderd te raak*: Saam met die bewustheid en gefokus wees op God se teenwoordigheid in die erediens, kan die herinnering aan die Here se daade van liefde en trou die gemeente help om sy grootheid en heerlikheid beter te sien en te verstaan. Hierdie verwondering oor God is wesenlik ten opsigte van liturgiese diens aan God. Dit behoort tot uiting te kom *in liedere van aanbidding en gebed van verootmoediging/lofprijsing* aan die begin van die erediens wat onderskei word van die epiklese-gebed, asook die danksegging en voorbidding wat vloei uit die prediking.

Die herinnering aan die groot daade van God kan ook geskied deur *meerdere voorlesings uit die Skrif*. Die hoor van hierdie verhale van mense se ervaring van God se teenwoordigheid en troue liefde, werk mee tot die troos en bemoediging van die erediensganger en wek die begeerte tot lofprijsing en aanbidding. Hierdie voorlesing as herinnering sluit dan nou aan by die Skrifgedeelte vir die prediking. Erediensgangers se aandag moet ook gevestig word op die wesenlike rol wat herinnering speel tydens die *gebruik van die sakramente*.

Herinnering aan die groot daade van God en sy liefde en trou geskied nie net deur wat gehoor en liturgies gedoen word nie, maar ook deur dit waar te neem by wyse van *simboliek*. 'n Kruis of ander simbool, mosaïekvensters en panele wat tonele uit die heilsgesiedenis uitbeeld, verskillende kansellappe en selfs die nagmaaltafel met bord en beker, asook die doopvont is alles simbole wat die groot daade van God in herinnering roep. Verantwoordelike benutting en bewusmaking van die betekenis daarvan dra by tot liturgiese bemagtiging en verryking van die gemeente.

Terwyl die handeling van *lof, dank en viering* in die erediens van groot belang is, is die neiging om die erediens daarin te laat opgaan, terwyl die *ontvangsaktiwiteit* van die geloof nie genoeg beklemtoon word nie. Lof, dank en viering kulmineer immers vanuit die genade en beloftes van God. Die geheim van egte liturgiese viering is dat die gemeente voortdurend bewus sal wees dat die genade soos manna in die woestyn ontvang word. Die elemente van seënbedes, vrysprak gepaard met skuldbesef, berou en belydenis, moet benut word om hierdie bewussyn te versterk. Hand

aan hand met die ontvangsaktiwiteit as deel van liturgiese viering, moet die aktiwiteit van toewyding en verbintenis opnuut beklemtoon word. Dit vra dat nuut gedink sal moet word oor die plek en rol van die geloofsbelydenis in die erediens, asook die inhoud van die gebed na die prediking en die “slot”-liedere.

Dit is egter ‘n vraag of leitourgia (d.i. die viering van die heil en aanbidding en verheerliking [doksa] van God) as geloofshandeling tot sy reg kom in die erediens. Die kerugmatiese handeling in die erediens word so sterk beklemtoon dat dit die ander handeling oorskadu – baie mense gaan kerk toe om die preek te hoor en daarmee staan of val die erediens. Liturgiese viering beteken dat die gemeente voor die aangesig van God kom, die volle wese op God rig en God aanbid en verheerlik. Calvyn stel dit baie duidelik dat die gebed die belangrike oefening van ons geloof is (Institusie 3,20) en dat die sin van ons bestaan daarin lê dat ons God sal loof en eer. Die Heidelbergse Kategismus noem gebed die vernaamste wyse waarop ons ons dankbaarheid aan God moet bewys.

2.2 Kerugma: Verkondiging getuienis (marturia) en lering (didache) as geloofshandeling van die gemeente

Die kerugmatiese geloofshandeling van die gemeente verwys na al die aktiwiteite in die gemeente wat primêr fokus op die Bybel, sy unieke boodskap en die bekendmaking daarvan deur verskillende modi. Dit geskied deur die prediking van die Woord, die onderrig in die Woord en getuienis vanuit die Woord. Onderrig as deel van die kerugmatiese diens kom veral in die kategetiese onderrig en Bybelstudie tereg, terwyl die getuienis tradisioneel verstaan word as die deling van die heilsboodskap op interpersoonlike vlak. Die kerugmatiese geloofshandeling van die gemeente bemiddel dus die ontmoeting met God deur die betuiging van die waarheid van die heil. Dit geskied onder leiding van die Heilige Gees met die oog op die verstaan, internalisering en die glo daarvan..

Hoewel daar tereg groot gewig aan die prediking in die erediens toegeken word, sluit kerugmatiese geloofshandeling ook die modi van lering en getuienis in. Hier kan verwys word na leerprediking. Hierdie aspek van die kerugma in die erediens vra dringende besinning veral t.o.v. van die homiletiese aspek. Die aspek van getuienis in die erediens kom veral tereg in die persoon van die prediker – ‘n prediker preek wanneer ‘n persoon *persoonlik* preek. Hoe die boodskap van die evangelie gekommunikeer word, selfs hoe die Skrif voorgelees word, moet getuig dat dit die liturg persoonlik raak. Prediking is dan baie meer as die toonlose voorlees van die Skrif en die aflees van ‘n preekteks wat dikwels niks meer is as ‘n opsomming van eksegetiese resultate nie. Erediensverryking kan nie gebeur sonder dat die prediker groot erns maak met Skrifstudie, meditasie en dinamiese voordrag nie.

Kerugmatiese verryking van die erediens begin by die prediker self, maar dit kan moeilik gebeur sonder gesprek met lidmate. Dit is daarom van die grootste belang dat prediker en hoorder opnuut bewus gemaak en begelei moet word

- *om stil te word, aktief te luister en na te dink oor die Woord wat geles en gepreek word:* Stilte rondom die Woord is ‘n dissipline met Bybelse wortels. Dit geskied veral by wyse van die meerdere voorlesings uit die Skrif, deur selflees tuis en ook voor die aanvang van die erediens (die Skrifgedeeltes vir die Sondag is vooraf bekend), asook om die Skriflesing in eie Bybel te volg. Die nut van ‘n Bybelleesprogram vir die gemeente met aansluiting by preektemas en temas vir gesprek tydens ander byeenkomste en vergaderings, kan nie genoeg beklemtoon word nie.
- *om te verstaan, te glo en te doen:* Ons lees en preek die Bybel met die hoop om tot verstaan te kom, want daardeur word geloof versterk en die toekoms oopgesluit. Dit alles is die werk van die Heilige Gees, maar dit sluit nie die verantwoordelikheid van die prediker en hoorder uit nie.

- *om geleer te word en om ander te leer:* Stil word voor die Woord en luister, nadink en verstaan is alles deel van die leerproses. Lering is die gedissiplineerde internalisering van dit wat gehoor is om te kom tot geloofsoortuiging en 'n geldende lewensbeskouing en –wyse. Leerbaarheid is 'n baie belangrike voorwaarde as ons leerlinge en volgelingen van Jesus wil wees. Leerbaarheid vereis egter 'n gesindheid van nederigheid en bewustheid van eie swakheid.
- *om te gaan vertel en te leef wat gehoor is:* Deur informele en daad verkondiging van gelowiges word die Woord en die wêreld bymekaar uitgebring. So word die lidmate getroue getuies wat gaan vertel en doen en ook ander saam nooi om deel te word van die erediensgebeure. In hierdie verband moet die persoonlike getuie van medegelowiges in aansluiting by die erediensgebeure, nie sondermeer as charismaties afgemaak word nie.
Die beplanning en veral vooraf bekendstelling van eredienstemas en eredienste gerig op spesifieke teikengroepe in die gemeente, asook gemeenskapsgerigte eredienste, werk verrykend in op die erediens. Die noue verband tussen die erediens en diens-evangelisasieaksies, asook kleingroepbediening, kan verder hiertoe bydra
- *om te besef en te ervaar dat die Woord op sy beste in die erediens tereg kom as dit hand aan hand gaan met die gepaste liturgiese, koinoniale en diakonale gebeure, naamlik*
 - ◆ liturgiese gebeure en elemente wat die gemeente help om op God en sy Woord te fokus;
 - ◆ koinoniale bewustheid dat ons as *gemeente* saam die Woord lees, hoor, nadink, verstaan en glo;
 - ◆ diakonale ervaring as die gemeente uit dankbaarheid liefdesdiens teenoor mekaar en in die wêreld bewys.

2.3 *Koinonia: Geloofsgemeenskap en sorg as geloofshandeling*

Vanuit die ontmoetingsgebeure met God bemiddel die geloofsgemeenskap die oordrag van die evangelie deur die koinoniale geloofshandelinge van onderlinge sorg, troos, lewenshulp-verlening en ondersteuning. Terwyl die liturgiese geloofshandelinge op God fokus en die kerugmatiese die Woord as sentrum het, gaan dit in die koinoniale om die beoefening van geloofsgemeenskap met God en mekaar. Die wesentlike van hierdie gemeenskap is dat dit voortspuit uit die liefde van God vir mense – ware koinonia tussen gelowiges beteken dus dat ons mekaar sal liefhê soos Christus ons lief het. Hierdie liefde dwing ons tot sorg, troos, hulp en ondersteuning.

Ons sou die volgende fasette van koinonia as geloofshandeling van die gemeente kan onderskei:

- om mekaar lief te hê met die liefde van Christus
- om deel te word van mekaar en ons aan mekaar te onderwerp in die sin dat die individu sal besef en aanvaar dat die gemeenskaplike groepsbelang soms groter kan wees as die eie
- om mekaar beter te leer ken en mekaar te aanvaar as broers en susters
- om mekaar geestelik te versorg en versorg te word
- om ons gebrokenheid en skuld teenoor God en mekaar te bely, mekaar te vermaan en te vergewe. Daar is bepaalde faktore wat die koinoniale bediening in die gemeente grondig kan beïnvloed:
- In vorige generasies kon 'n netwerk van spontane verhoudings veronderstel word en dus in gemeentelike verband benut word. Mense het meer kommunaal geleef en besef dat hulle aan mekaar gebind is en op mekaar aangewys is. Dit is nie meer die geval nie. Die netwerk van sorgverhoudinge, beginnende by die gesin, het grootliks verkummel. Mense leef meer individualisties en gereserveerd.

Daar is egter 'n ligpunt in hierdie verband. In oorgangstye soos wat ons tans beleef, ontdek mense dat hulle geborgenheid nie meer in sosiale strukture en posisie gevind word nie. Juis daarom

behoort ons die feit dat mense geborgenheid weer soek in verdiepte verhoudinge en verdiepte spiritualiteit, deeglik in berekening te bring in ons gemeentelike bediening.

- Ons sal duidelik moet besef dat koinonia nie georganiseer kan word nie, maar dit is iets wat jy as gelowige doen. Ons sou egter 'n fout maak as ons dink dit beteken dat koinonia in die gemeentelike lewe en in die besonder in die erediens, spontaan sal gebeur. Ons sal dus die teologiese dimensie van koinonia deeglik moet deurdink, dit met mekaar deel en ruimte skep vir geleentheid om dit te leef.
- Koinonia as geloofshandeling kan nie geïsoleerd beskou word nie. Koinonia kan nie anders realiseer as in samehang met die geloofshandeling van liturgiese viering, kerugmatiese betuiging en die betoning van diakonale liefdesdiens nie – die een skep as't ware die ander. Vir die bevordering van koinonia in en om die erediens, sal aan die volgende aspekte aandag gegee moet word:
- *Die koinoniale atmosfeer:* 'n Gemeente en haar erediensplek en –gebeure moet 'n koinoniale gees uitstraal. Dit is nie maklik om presies te sê waarin dit lê nie, maar die voorkoms van die gebou en veral die ontvangs- en binneruimte speel 'n groot rol; die musiek wat jy hoor; die optrede van kerkgangers teenoor mekaar. By die plek van die erediens moet dus 'n atmosfeer van welwillendheid en vriendelikheid heers wanneer mense daar aankom. Ons sal moeite moet doen om ons kerke te vul met 'n egte, warm atmosfeer. Hiertoë kan 'n spesiale gasvryheid-bediening deur bv diakens en lidmate by die ontvangsruimte, 'n besondere bydrae lewer. Die meeleving van lidmate met mekaar en ander mense moet voor of na die erediens en in die gebede prominente plek verkry – ons deel in mekaar se vreugde en leed en bid vir mekaar.
- *Koinonia tydens die liturgiese verloop van die erediens:* Onder die liturgiese gebeure in die erediens verstaan ek die diens van die (kerk)volk aan God. Die gegewe is dat God die *gemeente* laat *saamkom* om in God se teenwoordigheid te verkeer. Dit is inderdaad een van die mees intense ervarings van koinonia. Die gemeente moet deurentyd hiervan bewus gemaak word. Hierin sal die liturg 'n deurslaggewende rol moet speel. Die dialogiese grondstruktuur van die Protestantse erediens dra verder by tot die koinoniale ervaring in die erediens. Met die oog hierop moet die liturg in samewerking met die lidmate (eredienswerkgroep) die nodige liturgiese kreatiwiteit aan die dag lê in die verwoording van die verskillende elemente en die fasilitering van die liturgiese gebeure. Ek is al hoe meer oortuig dat sekere van die bedieninge en bedieningsgeleenthede soos pastorale gespreksgeleentheid, erediensbespreking en omgegroepe wat tradisioneel as 'n weeksaand-aktiwiteit beskou word, rondom die erediens beskikbaar moet wees. Dit versterk koinoniale bande as mense daar en dan met mekaar kan deel en na mekaar uitreik. Die koinoniale belewing tydens die erediens moet deurgetrek en in verband gebring word met die lewe van die gelowiges tussen erediens en erediens.
- *Koinoniale ingesteldheid van die voorgangers by die erediens:* Voorgangers en in die besonder die liturg, het die taak om gestalte te gee aan 'n gevoel van warmte en omgee, opregte belangstelling en meeleving vir mekaar in wat hulle sê en doen. Ver al hoe hulle dit sê en doen, is deurslaggewend. Dit vra egtheid en deurleefdheid in jou verhouding met God en medemens.

2.4 Diakonia: Liefdesdiens as geloofshandeling

Vanuit die ontmoetingsgebeure met God bemiddel die geloofsgemeenskap deur diakonale geloofshandeling die konkreetwording van 'n kernaspek van die evangelie, naamlik God se priesterlike teenwoordigheid, deernisvolle barmhartigheid en neerbuigende liefde. Dit vra van die geloofsgemeenskap offervaardigheid en selfverloënende, opofferende liefdesdiens. Diakonia het

meer fasette as wat gewoonlik besef word en daarom is hierdie geloofshandeling nie beperk tot die kerklike barmhartigheidsdiens, hetsy georganiseerd of spontaan nie.

Vir die bevordering van diakonia in en om die erediens, sal die geloofsgemeenskap toegerus en begelei moet word:

- om die nood raak te sien en geraak te word: Die gelowiges sal gekonfronteer moet word met mekaar se nood en die nood van die gemeenskap. Dit kan geskied by wyse van informasie en eerstehandse blootstelling. Ons sal die verhale uit die Skrif en voorbeelde uit die lewe van mense se bereidheid en drif vir hierdie diens, moet vertel.
- om verantwoordelikheid te aanvaar en betrokke te raak deur van jouself te gee: Die gelowiges sal bewus gemaak moet word van 'n dieper besef van en besorgdheid oor reg en geregtigheid as die hartklop van God se genade en barmhartigheid. Dit geld ook vir die besef van medeverantwoordelikheid vir die uitoefening hiervan. Dit vra dan betrokkenheid deur van jouself te gee. In die lewenspraktyk kom dit daarop neer om te deel in ander se pyn, te bid daarvoor en self ook die antwoord op die gebed te word.

Die erediens speel 'n groter rol in die bevordering van die diakonia van die gemeente as wat meestal besef word. Daar sal gekyk moet word na wát en hoé die erediensgebeure kommunikeer ten opsigte van diakonale liefdesdiens. Kom die nood van mense genoeg en spesifiek in die gebede aan die orde; in die liedere; die drumpelgebeure van die erediens waar die “grens” tussen die kerk en die wêreld oorgesteek word; die betekenis van dankoffers by die deure en nagmaalstafel; die afkondigings van die gemeente in terme van blootstelling aan nood en geleentheid tot diens en terugvoering oor wat diakonaal gedoen word.

MODULE 4.2

RIGLYNE VIR BEDIENINGSONTWIKKELING:

Strategiese ontwikkeling- en bedieningsplan vir die gemeente

DOELSTELLING:

Om aan die hand van praktiese riglyne vir die uitbouing van die bediening van die gemeente, 'n bedieningsplan en strategie vir die gemeente saam te stel

LEERGELEENTHEID:

Praktiese werksessie

KERNINHOUD

Die toepaslike inhoude en riglyne word tydens so 'n werksessie gegeneer en gekonkretiseer. Praktiese riglyne vir die sessie word voorsien